



Wes-Kaapse
Regering



Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Jaarlikse Prestasieplan

2023/24



**Western Cape
Government**

Social Development

FOR YOU

**Wes-Kaapse Regering
Departement van Maatskaplike
Ontwikkeling**

**Jaarlikse Prestasieplan vir
2023/2024**

Vrywaring

Die Engelse weergawe van die Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks beskou. Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige wanvertolkings wat gedurende die vertaalproses voorgekom het nie.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan is opgestel deur die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning en Strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om addisionele afskrifte van hierdie dokument te bekom, kontak asseblief:

Die Departementshoof

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Privaat Sak X9112

Kaapstad

8000

Suid-Afrika

Tel: +27-21-483 5121

E-pos: DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za

PR: 31/2023

ISBN: 978-0-621-50905-2

Titel van publikasie: Wes-Kaapse Regering Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Jaarlikse Prestasieplan 2023/2024

Tolvrye nr.: 0800 220 250

Webwerf: <http://www.westerncape.gov.za>

Verklaring deur Uitvoerende Gesag

Die langtermyngevolge van die COVID-19-pandemie het steeds 'n impak op huishoudings, in die Wes-Kaap en oral in ons land.

Werkloosheid, veral werkloosheid onder die jeug, hou 'n ernstige uitdaging vir 'n hele generasie in. Werkloosheid, armoede en ongelukheid, tesame met hoë voedselpryse en die uitsigloosheid wat deur 'n verswakke ekonomie veroorsaak word, vererger hierdie krisis. Hoë misdadkoerse, vernameamlik die toename in moorde, seksuele misdrywe en dwelmverwante misdade, tesame met voortslepende kragonderbrekings oral in die land vererger die potensiaal vir verdere sosio-ekonomiese verswakking, maatskaplike onrus en dat misdadkoerse die hoogte sal inskiet.

Lae ekonomiese groei en stygende inflasie het meestal 'n impak op lae-inkomstegroepe, maar deesdae sien ons ook stygende ekonomiese druk en kwesbaarheid onder middel- en hoër inkomstegroepe. Hierdie faktore verbreed die poel burgers wat dienste vanaf die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling benodig, en dit te midde van die realiteit van 'n verskraalde begroting. Boonop is die Wes-Kaapse populasie aan die toeneem weens die hoop op 'n beter lewe en netto immigrasie.

Nou, meer as ooit, is die Departement onwrikbaar daartoe verbind om dienste en ondersteuning te bied aan individue en gesinne wat hierdie harde werklikhede elke dag ervaar. Ons moet egter voortgaan om dit wat ons doen, te veranker en ons moet die fundamentele dinge doen onderwyl ons uitnemendheid, sorgsaamheid en meelewendheid nastreef. Statutêre werk bly van die grootste belang sowel as die lewering van dienste aan diegene in nood, terwyl daar toenemende kommer is oor die veiligheid van ons personeel, waarvan baie in gevaarlike en moeilike omstandighede werk.

Ek bekragtig die Departement se Jaarlikse Prestasieplan vir 2023/24 waarin die prestasie-aanwysers en teikens geïdentifiseer word wat ons in die komende boekjaar gaan streef om te behaal. Die Departement se prioriteite bly steeds statutêre dienste, kinderbeskerming, die jeug in gevaar, geslagsgebaseerde geweld, die voorsiening van behandelingsdienste vir middelgebruikversteuring en dienste vir persone met gestremdhede en ouer persone. Voedselonsekerheid en haweloosheid is steeds op ons radar as stygende uitdagings.

Om ons teikens te behaal, moet ons aanhou om saam te werk met die burgerlike samelewing, belanghebbendes, korporasies, plaaslike regering en, allerbelangrik, gemeenskappe. Medewerking van hierdie aard dra by tot 'n wyer verteenwoordiging van die samelewing, wat lei tot die doeltreffende ontwikkeling en implementering van beleide en aksieplanne.

Dit is allerbelangrik om altyd te onthou dat ons met mense, nie bates nie, werk en dat die hulpmiddele wat nodig is om hulle van diens te wees, ononderhandelbaar is.



Sharna Fernandez
Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaapse Regering:
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Maart 2023

Verklaring deur Rekenpligtige Beampte

Namate die provinsie sy weg uit die nasionale ramptoestand en inperkings van 2022 gebaan het, kon en het meer burgers toegang verkry tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste. Lae ekonomiese groei, hoë vlakke van werkloosheid en inflasie het maatskaplike euwels soos voedselonsekerheid, armoede, haweloosheid, geslagsgebaseerde geweld (GGG), misdaad en geweld oor die algemeen en middelgebruikversteurings (MGV's) die hoogte laat inskiet en, sodoende, die vraag na maatskaplike ontwikkelingsdienste verskerp. Die gedempte ekonomiese groei en futlose vooruitskouing het ook 'n impak op nasionale inkomstevordering, wat 'n perk plaas op die regering se vermoë om aan die stygende vraag na dienste te voldoen.

Die departementele respons op die heersende omstandighede word begelei deur wetgewing, verskeie sleutelbeleide en -planne waaronder die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), die Nasionale Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) en die Wes-Kaapse Regering se Provinsiale Strategiese Plan (PSP). Die Wes-Kaapse Herstel- en Veiligheidsplanne (hierna onderskeidelik die Herstelplan en Veiligheidsplan) is tydens COVID-19 geïmplementeer om die implementering van geprioritiseerde intervensies, soos geïdentifiseer in die Wes-Kaapse PSP, om die impak van werkloosheid, GGG en risiko's vir die jeug, gesinne en die gemeenskap in die algemeen teen te werk. Gesamentlik het die voorafgaande, naas die Departement se burgergesentreerde benadering, ten doel om die veiligheid, waardigheid en welsyn van individue, gesinne en gemeenskapslede te verseker. Prioriteite vir die komende jaar sluit in om die veiligheid, versorging en beskerming van kinders en kwesbare groepe soos ouer persone en persone met gestremdhede te verseker; om kwesbare gesinne te ondersteun; om slagoffers van GGG te beskerm; om voedingsondersteuning aan kwesbare gesinne te bied; en om toegang tot skoolingsdienste vir hawelose volwassenes en gesinne te verbeter.

Statutêre dienste wat die regte en welsyn van kinders beskerm, sal steeds in die 2023/24-boekjaar geprioritiseer word. Pleegsorgdienste sal versterk word deur die implementering van die bestuursplan vir pleegsorg en die voortsetting van opleiding vir beveiligingsouers. Die digitalisering van alle pleegsorggevalle tesame met die delegasie van toegang tot die Kinderbeskermingsregister het verdere optimalisering van pleegsorgdienste in die provinsie moontlik gemaak deurdat die omkeertyd vir die plasing en toestaan van verlengings vir kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming verkort is. 'n Merkbaar toename in pleegsorggevalle is in 2022/23 waargeneem, en dit is aanduidend van hoë vlakke van kindermishandeling en -verwaarloosing. Teen die einde van Januarie 2023 wat daar 39 148 aktiewe gevalle op die pleegsorgmoniteringstelsel. Die behoefte aan toereikende sorg vir kinders met gestremdhede in alternatiewe sorg het ook toegeneem. Die befondsingsmodel vir kinder-en-jeugsorgsentrusse (KJSS'e) vir kinders met gestremdhede is hersien en addisionele hulpbronne is toegewys om optimale alternatiewesorgoplossings vir hierdie kinders te verseker.

Kinderbeskermingsdienste, met inbegrip van gemeenskapsgebaseerde en vroeë-intervensiedienste soos die Risiha-model en die voorsiening van dienste by instasentrusse, sal gehandhaaf word. Naskoolse sorg sal voortgaan om onontbeerlike sorg-en-ondersteuningsdienste te bied aan kinders van skoolgaande ouderdom aan die hand van akademiese, mentor-, voeding- en ontspanningsaktiwiteite ter bevordering van hul ontwikkeling.

Voorts sal die Departement voortgaan met die implementering van programme wat daarop afgestem is om veerkragtige gesinne en gemeenskappe te onderskraag en te bou. Hierdie programme sluit in die verskaffing van terapeutiese, ontwikkelingsgerigte, bemiddeling- en psigososiale ondersteuningsdienste om gesinne in gevaar toe te rus met die nodige vaardighede om die gesinstruktuur te behou en 'n stabiele en funksionele omgewing moontlik te maak wat bydra tot die welsyn van alle gesinslede, maar veral kinders.

In lyn met die regstellendegeregtighedsbenadering sal die Departement psigososiale, proefdienst-, afwentelings- en misdaadvoorkomingondersteuningsdienste bied vir kinders, jeugdige en volwassenes in gevaar of wat met die gereg bots ten einde veilige en positiewe gemeenskappe te skep en te handhaaf. Gemeenskaps- en skoolgebaseerde misdaadvoorkoming- en MGV-behandelingsprogramme sal in die provinsie se hoërisiko- en landelike gebiede gehandhaaf word.

Hierdie sluit, onder andere, lewensvaardighede-, voorligtingsberading- en psigososiale ondersteuningsdienste in.

Proefdienste wat aan kinders gebied word, sal versterk word deur die ontplooiing van die bestuurstelsel vir proefdiensgevalle. Hierdie aanlyn stelsel voorsien proefbeamptes van intydse data oor al die kinders in die provinsie wat met die gereg bots, met inbegrip van alle vorige misdrywe van en intervensies wat deur daardie kinders deurloop is wat proefbeamptes verder help om te verseker dat die gepaste intervensies tot die kind se beskikking gestel word. Opleiding en kapasiteitsbou vir proefbeamptes sal afwentelingsprogramme verder versterk en omvat slagoffer-oortreder-bemiddeling, gesinsgroepberaadslaging, terapeutiese berading en gemeenskapsgebaseerde GGG-bewusmakingsprogramme vir oortreders en hul gesinslede. Daar sal ook gefokus word op die skrapping van die kriminele rekords van jeugdiges wat afwentelingsprogramme voltooi het ten einde hul langtermyn-integrasie by die samelewing in die hand te werk.

Die Departement het 'n styging in die vraag na bedspasie in KJSS'e ervaar vir kinders met gedragsprobleme en geestesversteurings sowel as kinders met erge en volslae intellektuele gestremdhede. Hierdie kinders benodig mediese sorg en gespesialiseerde vaardighede 24/7 om hul toestande te beheer, wat tans buite die Departement se hulpbronvermoëns val. Ten einde te verseker dat kinders in KJSS'e gepaste sorg en ondersteuning ontvang, sal die Departement voortgaan om verwysingsweë te ontwikkel in vennootskap met die provinsiale Departement van Gesondheid en Welsyn (DvG&W) en die Wes-Kaapse Departement van Onderwys (WKOD). Infrastruktuurverbeterings ten opsigte van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se eie sentrums sal voortgaan met 'n spesifieke fokus op die ontwikkeling en veilige versorging van hierdie jeugdige binne 'n beveiligde omgewing. Die Outeniekwa-veiligheidsentrum in George het twee bykomende eenhede en klaskamers geopen wat 'n verdere 40 inwoners kan akkommodeer. Die toevoegings is in ooreenstemming met internasionale beste praktyke waarvolgens die direkte supervisie, versorging en ontwikkeling van inwoners geoptimeer word.

Ondanks die feit dat hulle vername bydraers tot die welsyn van ons samelewing is, word vroue in Suid-Afrika buite verhouding benadeel deur armoede, werkloosheid, geweld en ongelykheid, wat die kwesbaarheid van hierdie groep beklemtoon. Nagenoeg 98 persent van die slagoffers wat toegang tot slagofferbemaagtigingsdienste verkry, is vroue en hul kinders. Voorts is 85 persent van die begunstigdes wat toegang verkry tot dienste vir ouer persone vroue. Moeders en vroulike versorgers vervul 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n koesterende gesinsomgewing en is dus belangrike deelnemers aan die ouerskap- en gesinsbehoudprogramme. Voorts, weens die aard van maatskaplike dienste, is die meerderheid maatskaplikewerkberoepslui in diens van die Departement en maatskaplikediensorganisasies sonder winsbejag oral in die provinsie vroue. Gegewe die integrale rol wat vroue in die samelewing, gemeenskappe, die gesinseenheid en die lewering van maatskaplikewelsyn- en gemeenskapontwikkelingsdienste vervul, sal die Departement steeds hulpbronne kanaliseer om dienste ter ondersteuning van en ter bemaagtiging van vroue in die provinsie te lewer.

Groter bewusmaking sowel as verbeterde toegang tot geïntegreerde diensprogramme vir slagoffers van GGG het daartoe gelei dat 34 persent meer dan voorsien kliënte toegang verkry het tot ondersteuningsdienste na afloop van die WKR se veldtog "365 Dae van aktivisme teen GGG" in Desember 2022. Die Departement sal steeds die bedryf van 26 GGG-skuilings oral in die provinsie ondersteun aangesien hulle veilige huisvesting en terapeutiese ondersteuning bied vir vroue en hul afhanklikes, met inbegrip van slagoffers van mensehandel. GGG-skuilingsdienste sal verder versterk word deur die opleiding van maatskaplikewerkberoepslui in die implementering van slagofferbemaagtiging en MGV-programme sowel as intervensies wat fokus op die lewering van dienste aan volwasse slagoffers van gesinsgeweld en seksuele misdrywe. Toegang tot langtermyn-psigososiale ondersteuningsdienste om die vernietigende impak van seksuele viktimisering teë te werk, sal ook by belangrike toegangspunte, soos Thuthuzela-sorgsentrums (TSS'e), oral in die provinsie voortgesit word. Die Departement het ook die eerste OSW-gedrewe model vir Khuseleka-eenstoppsentrus in die land van stapel gestuur. 'n Nuwe Khuseleka-eenstoppsentrum sal in die komende boekjaar in Stellenbosch geopen word. Gesprekvoering en medewerking met vennote oor die uitvoering van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se GGG-implementeringsplan, onder

aanvoering van die WKR se Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, sal voortgesit word. Die plan maak verbeterde koördinering van geïntegreerde regeringswye dienste vir slagoffers van GGG in die provinsie moontlik. 'n Provinsiale Beraad oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (GGGVM) is in Oktober 2022 aangebied en is deur meer as 1 500 afgevaardigdes, hetsy in persoon of virtueel, bygewoon. Die beraad het gespreksvoering tussen die regering, die OSW-sektor, private sektor en burgerlike samelewing moontlik gemaak oor pertinente kwessies verwant aan GGG soos befondsing- en hulpbronnbeperkings, probleme wat met toegang tot kritieke ondersteuningsdienste ervaar word, veranderinge aan die wetgewende omgewing, nuwe ontwikkelinge in die sektor en die behoefte aan 'n benadering waar die samelewing as geheel betrek word om werk te maak van geweld teen vroue en kinders in die provinsie se hoërisikogemeenskappe. Sedertdien het 'n afvaardiging van die provinsie aan die Nasionale Presidensiële GGGVM-beraad deelgeneem. Die besluite wat by beide hierdie berade geneem is, het as grondslag gedien vir die GGG- tegniese taakspan se verfyning van die GGG-implementeringsplan. Die hersiene GGG-implementeringsplan sal in Maart 2023 aan die provinsiale kabinet voorgelê word.

Gegewe die hoë vlak van werkloosheid en die gevolglike voedselonsekerheid en toename in haweloosheid, is die Departement steeds daartoe verbind om tydelike huisvesting en dienste aan hawelose volwassenes te bied. Hierdie dienste is uitgebrei, wat die totale getal bedspasies wat by die 37 befondsde skuilings oral in die provinsie toeganklik is van 2 028 in 2021/22 tot 2 398 in 2022/23 verhoog het. Gedurende 2022/23 het die Departement se geteikende voedingsintervensie gekookte maaltye voorsien aan kwalifiserende begunstigdes by 111 departementele gemeenskapvoeding-en-ontwikkelingsentrums (GVOS'e) en kosverspreidingspunte oral in die provinsie. Dit word onderskraag deur 'n verdere 512 gemeenskapskombuise wat hulpbehoewende en kwesbare individue sowel as gemeenskappe van voedsame kos voorsien. Ondanks beperkte hulpbronne is die Departement daartoe verbind om hierdie allernodigste bedspasies by skuilings vir hawelose volwassenes en die voedingsondersteuning vir kwesbare huishoudings en individue in die komende jaar in stand te hou. Verdere poginge om armoede te verlig en kwesbare huishoudings te ondersteun, sluit tydelike werkgeleenthede (veral vir jeugdige, vroue en persone met gestremdhede) binne die maatskaplike sektor via die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) in.

Sommige van die kwesbaarste mense in ons samelewing is persone met gestremdhede en ouer persone. In medewerking met sy vernaamste vennote en belanghebbendes sal die Departement voortgaan om geïntegreerde sorg-en-ondersteuningsprogramme aan te bied wat daarop afgestem is om die regte, welsyn en beskerming van beide persone met gestremdhede en ouer persone te bevorder. Ten opsigte van persone met gestremdhede sluit dit die prioritering van die registrasie van gedeeltelikesorg-/dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede in ten einde te verseker dat dienste van gehalte gelewer word. Ondersteunende strukture vir ouers en voogde van persone met gestremdhede en die implementering van die alternatiewesorg- en ondersteuningsmodel sal ook steeds versterk word. Die voorsiening van residensiële en gemeenskapsgebaseerde sorg-en-ondersteuningsdienste vir ouer persone sal ook voortgesit word.

MGV's speel 'n integrale rol in die voorkoms van GGG, geweldsmisdad en die verbrokkeling van gesinstrukture. In die navolging van 'n holistiese benadering tot dienslewering aan kliënte en hul gesinne is dit juis daarom allerbelangrik om werk te maak van middelgebruikversteurings. Namate inperkingsvlakke verslap en die verbandhoudende regulasies herroep is, het toelating tot MGV-behandelingsprogramme algaande toegeneem wat dit moontlik gemaak het om meer kliënte in binnepasiënt- en gemeenskapsgebaseerde programme op te neem. In die komende jaar gaan die Departement, in beide metro- en landelike gebiede, fokus op gemeenskapsgebaseerde dienste met inbegrip van voorkoming en vroeë intervensie sowel as die uitbreiding van nasorg- en herintegrasie-intervensies. Laasgenoemde sluit individuele terapeutiese, groepwerk en gesinsintervensies in ten einde gebruikers van hierdie dienste weer by hul gesinne en gemeenskappe van oorsprong te integreer. Voorts sal MGV-dienste steeds aangebied word by GGG-skuilings en KJSS'e onder departementele bestuur asook as deel van die Departement se skoolgebaseerde programme. Die voorkoms van ongeregistreerde behandelingsentrums is 'n bron tot kommer. Alhoewel wetgewing nie noodwendig die sluiting van sulke sentrums mandateer nie, kon die DMO hom suksesvol op die Hoërhof beroep om so 'n onwettige behandelingsentrum te sluit.

Hierdie uitspraak het die weg gebaan om die sluiting van ongeregisteerde sentrums op 'n inkrementele wyse te benader.

Die Departement sal sy fokus op die holistiese ontwikkeling van kwesbare jeugdige handhaaf en in die besonder die sogenaamde NEET (d.w.s. jongmense wat nie werk het nie en ook nie onderwys of opleiding deurloop nie). Jeugkafes, jeugkerns en gemeenskapsgebaseerde organisasies bied steeds ontwikkelingsgerigte programme en intervensies aan soos die aanleer van digitale geletterdheid en bevoegdhele sowel as mentorskapprogramme wat via aanlyn leerplatforms aangebied word. Programme wat daarop afgestem is om die jeug se onafhanklikheid en ongehinderde oorgang na 'n volwasse lewe te bewerkstellig, sal ook steeds geïmplementeer word. Hierby ingesluit is dienste wat betrekking het op seksuele gesondheid, bewusmaking van GGG, dwelm- en alkoholberading, en gemeenskapsgebaseerde misdaadvoorkomingsinisiatiewe.

Die Departement sal voortgaan om OSW's te ondersteun ten opsigte van nakoming van die OSW-wet en ander verwante wetgewende raamwerke. Hierby ingesluit is die hulp wat die provinsiale OSW-hulpkantoor verleen met registrasie en voldoening aan die OSW-wet met die oog daarop om bevoegde en veerkragtige organisasies op die been te bring wat maatskaplikeontwikkelingsdienste kan lewer. Voorts sal omvattende opleidingsprogramme OSW's help om hul aanspreeklikheid op te skerp en volhoubaarheid te verseker.

Slotsom

Gegewe dat die langtermyn-impak van die pandemie steeds die kwesbaarste mense in ons provinsie benadeel, bly die Departement onwrikbaar daartoe verbind om die waardigheid, welsyn en veiligheid te verseker van diegene met die grootste behoefte aan maatskaplikewelsyn- en gemeenskapontwikkelingsprogramme en -intervensies. Hierdie Jaarlikse Prestasieplan (JPP) weerspieël die Departement se voorneme om beide sy statutêre verpligtinge en, waar haalbaar, nie-statutêre programme gestand te doen ooreenkomstig die nasionale en provinsiale beleidsprioriteite wat onderskeidelik in die NOP, hersiene MTSR en PSP vervat is sodat die lewensomstandighede van sy burgers verbeter kan word. Dit is ons voorneme, ondanks toenemende druk op dienslewering, uitdagende omstandighede en gebrekkige hulpbronne.



Dr. Robert Macdonald
Rekenpligtige Beampte van die Wes-Kaapse Regering:
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Maart 2023

Amptelike affekening


Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Deur die bestuur van die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onder leiding van me. S. Fernandez, Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, voorberei is;
- Ag slaan op alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verantwoordelik is; en
- 'n Akkurate weerspieëling is van die uitkomste en uitsette wat die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gaan poog om in die tydperk 2023-2024 te bereik.


Charles Jordan
Hoofdirekteur: Kinders, Gesinne en Kwesbare Groepe

Handtekening: 


Leana Goosen
Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn en Herstellende Dienste

Handtekening: 

Mzwandile Hewu
Hoofdirekteur: Gemeenskaps- en Vennootskapsontwikkeling

Handtekening: 


Annemie van Reenen
Hoofdirekteur: Diensleweringbestuur en -koördinerings

Handtekening: 


Juan Smith
Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur

Handtekening: 


Marion Johnson
Hoofdirekteur: Sakebeplanning en Strategie

Handtekening: 

Robert Macdonald
Rekenpligtige Beampte

Handtekening: 

Goedgekeur deur:
Sharna Fernandez
Uitvoerende Gesag
Maart 2023

Handtekening: 

Inhoud	
Vrywaring	2
Verklaring deur Uitvoerende Gesag	3
Verklaring deur Rekenpligtige Beampte	4
Deel A: Ons Mandaat	10
1. Konstitusionele, wetgewende en beleidsmandate	10
2. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk	19
3. Tersaaklike hofuitsprake	22
Deel B: Ons Strategiese Fokus	25
4. Omstandighedsontleding	25
4.1 Ontleding van die eksterne omgewing	25
4.2 Ontleding van die interne omgewing	31
4.3 Evaluerende navorsing deur die Departement onderneem	32
Deel C: Meet van Ons Prestasie	34
5. Institusionele programprestasie-inligting	34
5.1 Program 1: Administrasie	34
5.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste	39
5.3 Program 3: Kinders en Gesinne	48
5.4 Program 4: Herstellende dienste	56
5.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing	64
6. Openbare entiteite	71
7. Infrastruktuurprojekte	71
8. Openbare-private-vennootskappe (OPV's)	71
DEEL D: Beskrywing van Tegniese Aanwysers	72
Bylae tot die Jaarlikse Prestasieplan	140
Bylae A: Wysigings aan die strategiese plan	140
Bylae B: Voorwaardelike toewysings	143
Bylae C: Gekonsolideerde aanwysers	143
Bylae D: Distrikontwikkelingsmodel	144
Bylae E: Akronieme	145

Deel A: Ons Mandaat

1. Konstitusionele, wetgewende en beleidsmandate

Konstitusionele mandaat

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders h laaste uitweg moet wees.

Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Kinderwet, Wet 38 van 2005	<p>Dié wet is op 1 April 2010 by wyse van h presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Die regte en verantwoordelikhede van kinders; ● Ouerlike verantwoordelikhede en regte; ● Beginsels van en riglyne vir die beskerming van kinders; ● Die bevordering van die welsyn van kinders; en ● Die konsolidasie van die wette wat met die welsyn en beskerming van kinders verband hou; en aangeleenthede wat hiermee verband hou. <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregshof gedateer April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● h Versorger by wie h wettige sorgsaamheidsplig berus (in hierdie geval h ouma) as h pleegouer aangestel kan word; en ● Nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Bystand of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word. Derhalwe moet die finansiële situasie van die kinders wat h behoefte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat h wettige ondersteuningsplig het nie die finansiële middele het om dit te doen nie, moet hulle om h pleegsorgtoekenning aansoek doen.
Kinderwysigingswet, Wet 17 van 2016 en Tweede Kinderwysigingswet, Wet 18 van 2016	<p>Die Kinderwysigingswet (17/2016) wysig die Kinderwet (2005) deur, onder andere, nuwe omskrywings in te voeg; te bepaal dat h persoon wat aan sekere oortredings skuldig bevind is, as onbekwaam geag moet word om met kinders te werk; te bepaal dat die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) die Direkteur-Generaal van alle besonderhede van persone wat as onbekwaam bevind is om met kinders te werk, moet voorsien; bepalinge neer te lê vir die hersiening van h besluit om h kind sonder h hofbevel te verwyder; die omstandighede waaronder h kind as geskik vir aanneming geag word, uit te brei; en die impakte van h aannemingsbevel uit te brei deur te bepaal dat h aannemingsbevel nie die ouerlike verantwoordelikhede en regte van die ouer van h kind outomaties beëindig wanneer h aannemingsbevel ten gunste van die eggenoot of permanente lewensmaat van daardie ouer uitgereik word nie en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> <p>Die Kinderwysigingswet (18/2016) wysig die Kinderwet (2005) deur, onder andere, nuwe omskrywings in te voeg; te bepaal dat die verwydering van h kind na tydelike veilige sorg sonder h hofbevel voor die Kinderhof vir hersiening moet dien vóór die verstryking van die volgende hofdatum; bepalinge neer te lê vir die hersiening van h besluit om h kind te verwyder sonder h hofbevel; te bepaal dat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling h kind of h persoon</p>

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	van een vorm van alternatiewe sorg na 'n ander vorm van alternatiewe sorg kan oorplaas; en te bepaal dat 'n aansoek vir 'n kind om in alternatiewe sorg aan te bly ná die ouderdom van 18 jaar vóór die einde van die jaar waarin die kind die ouderdom van 18 jaar bereik, ingedien moet word.
Kinderwysigingswet, Wet 17 van 2022	Die Kinderwysigingswet (17/2022) wysig die Kinderwet (38/2005) ten einde sekere omskrywings te wysig en ander in te voeg; om die Kinderhof se jurisdiksie uit te brei; om verdere bepalings neer te lê vir die versorging van vondelinge of weeskinders en bykomende aangeleenthede wat gereël kan word; om bepalings neer te lê vir bykomende aangeleenthede wat betrekking het op kinders in alternatiewe sorg; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Maatskaplikediensberoepe, Wet 110 van 1978, soos gewysig in 1995, 1996 en 1998	Dié wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe daargestel wat die magte en funksies van die maatskaplikediensraad en -beroep omskryf.
Wet op Maatskaplikediensberoepe, Wet 110 van 1978; Regulasies verwant aan die registrasie van 'n spesialiteit in proefdienste (2013)	Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerantr. 36159, gedateer 15 Februarie 2013, vol. 572, nr. 9911 gepubliseer is, is afgestem op die regulering en verbetering van proefdienste.
Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders, Wet 2 van 2019	Hierdie wet lê bepalings neer vir die aanstelling van 'n Kommissaris vir Kinders in die Wes-Kaapse Provinsie en aangeleenthede wat uit só 'n aanstelling voortspuit sowel as vir sekere aangeleenthede wat met daardie amp verband hou. Die amp Kommissaris vir Kinders is ingevolge artikel 78 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 ingestel, en hierdie artikel bepaal dat die Kommissaris die WKR moet bystaan in die beskerming van die provinsie se kinders en die bevordering van hul regte, behoeftes en belange.
Wysigingswet op Proefdienste, Wet 35 van 2002	Sy doel is om die Wet op Proefdienste van 1991 te wysig ten einde sekere omskrywings in te voeg en om: <ul style="list-style-type: none"> ● verdere bepalings neer te lê vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gerig is; ● die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei; ● die pligte van assistentproefbeamptes te bepaal; ● verpligte evaluering van gearresteerde kinders te bepaal; ● die daarstelling van 'n proefdiensadvieskomitee te bepaal; ● die aanwysing van gesinsopspoorders te bepaal; en ● bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998	Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen mishandeling te bied.
Wet op Ouer Persone, Wet 13 van 2006	Die wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, is afgestem op die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welsyn, veiligheid en sekuriteit sowel as die bekamping van die misbruik van ouer persone. Die wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan <ul style="list-style-type: none"> ● die wysheid en vaardighede van ouer persone, en bepalings neerlê vir: ● ouer persone se deelname aan gemeenskapsake; ● die regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone; en ● die daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	Anders as die Wet op Bejaarde Persone, Wet 81 van 1967, het die klem vanaf institusionele sorg na gemeenskapgebaseerde sorg verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.
Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, Wet 70 van 2008	Die wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die terrein van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeë-intervensieprogramme sowel as die registrasie van alle terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
Wet op Kindergeregtigheid, Wet 75 van 2008 soos gewysig	Dié wet stel 'n proses vir strafregspiegling daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hulle misdrywe begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm. Voorts reël dit die minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid met inbegrip van bepalings wat betrekking het op die besluit om 'n kind wat 12 jaar of ouer is, te vervolg.
Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), Wet 6 van 2012	Hierdie wet wysig die Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die oplê van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, Wet 7 van 2013	Die wet bring die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te verhoed, te onderdruk en te straf, tot uitvoer en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.
Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap, Wet 54 van 2008	Die wet het ten doel om geleenthede vir die koördinerende van aangeleenthede verwant aan jeugontwikkeling te skep en te bevorder.
Wet op Maatskaplike Bystand, Wet 13 van 2004	Hierdie wet lê bepalings neer vir die lewering van maatskaplike bystand aan persone en die meganismes vir die lewering van sodanige bystand; die daarstelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Fondsinzameling, Wet 107 van 78	Hierdie wet lê bepalings neer vir die beheer van die insameling van bydraes komende van die publiek; die aanstelling van 'n Direkteur van Fondsinzameling; die stigting van 'n ramphulpfonds, 'n fonds vir die Suid-Afrikaanse Weermag en 'n vlugtelingnoodlenigingsfonds; die verklaring van sekere gebeure as rampe; en ander aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, Wet 71 van 1997	Dié wet het ten doel om 'n bemagtigende omgewing en regulatoriese raamwerk te skep vir OSW's namate hul bydra tot voldoening aan die uiteenlopende behoeftes van die bevolking en toereikende standaarde ten opsigte van bestuursbeheer, deursigtigheid en openbare aanspreeklikheid handhaaf. Die OSW-wet herroep sekere gedeeltes van die Wet op Fondswerwing (1978).
Rampbestuurwet, Wet 57 van 2002	Hierdie wet is die primêre wetgewing wat rampbestuur in Suid-Afrika aanspreek. Die wet lê bepalings neer vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid (wat fokus op voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, verligting van die felheid van rampe, noodgereedheid, blits- en effektiewe reaksie op rampe en herstel ná rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums; rampbestuurvrywilligers; en ander aangeleenthede wat hiermee verband hou.
Wysigingswet op Rampbestuur, Wet 16 van 2015	Hierdie wet het ten doel om die Wet op Rampbestuur (2002) te wysig deur sekere omskrywings te vervang en ander in te voeg; die beleid se fokus op rehabilitasie en die funksionering van

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	<p>rampbestuursentrums uit te klaar; sekere funksies in ooreenstemming te bring; bepalings neer te lê vir staatsorgane wat hulp aan rampbestuurstrukture kan verleen; bepalings neer te lê vir 'n uitgebreide verslagdoeningstelsel vir staatsorgane rakende inligting wat verband hou met gebeurlikhede wat tot die verklaring van 'n ramp aanleiding gegee het, besteding aan respons en herstel, die aksies waartoe oorgegaan is om risiko's te versag en die spesifieke probleme wat tydens die hantering van 'n ramp ervaar is; om verslagdoening oor die implementering van beleid en wetgewing met betrekking tot die verlaging van ramprisiko's te versterk sowel as die bestuur van fondse wat aan munisipale en provinsiale interregeringsforums (opgerig ingevolge die Wet op die Raamwerk vir Interregeringverhoudinge, 2005) toegewys is; om verteenwoordiging deur tradisionele leiers te versterk; om die inhoud van rampbestuursplanne uit te brei ter insluiting van die uitvoer van ramprisiko-evaluerings vir funksionele areas en die kartering van risiko's, areas en gemeenskappe wat kwesbaar vir rampe is; om bepalings neer te lê om die risiko van rampe te verlaag; om bepalings neer te lê vir die regulering van rampbestuuroopvoeding en -opleiding sowel as verwante navorsingsaangeleenthede en die verklaring en klassifikasie van rampe; en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.</p>
Wet op Geestesgesondheid, Wet 17 van 2002	<p>Hierdie wet lê bepalings neer vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; sit verskillende prosedures uiteen wat gevolg moet word vir die toelating van sodanige persone; en bepaal hoe die eiendom van geestesongestelde persone versorg en geadministreer moet word.</p>
Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), Wet 13 van 2021	<p>Hierdie wet het ten doel om die Strafregwysigingswet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) van 2007 te wysig ten einde:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● die trefwydte van die misdryf bloedskanie uit te brei; ● 'n nuwe misdryf van seksuele intimidasie in te voeg; ● die frase "n persoon wat verstandelik gestremd is" of "persone wat verstandelik gestremd is", waar die frase ook al voorkom, met die frase "persoon met 'n verstandelike gestremdhede" of "persone met verstandelike gestremdhede" te vervang; ● die invoeging van die besonderhede van persone in die Nasionale Register vir Seksoortreders verder te reël; ● die lys van persone wat ingevolge Hoofstuk 6 van die Wet beskerm word, uit te brei; ● die lys van persone wat aansoek kan doen by die Registrateur van die Nasionale Register van Seksoortreders uit te brei; ● die verwydering van die besonderhede van persone uit die Nasionale Register vir Seksoortreders verder te reël; en ● die aanmeldingsplig van persone wat daarvan bewus is dat seksuele misdrywe teen persone wat kwesbaar is, gepleeg is, verder te reël, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wysigingswet op Gesinsgeweld, Wet 14 van 2021	<p>Hierdie wet wysig die Wet op Gesinsgeweld, 1998, ten einde sekere omskrywings te wysig en ander in te voeg; verdere bepalings neer te lê vir die wyse waarop dade van gesinsgeweld en aangeleenthede wat daarmee verband hou, hanteer moet word; beskermingsbevele in reaksie op dade van gesinsgeweld verder te reël; bepalings van sekere wette te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Stafregwysigingswet en Verwante Aangeleenthede, Wet 12 van 2021	<p>Dié Wet dien ter wysiging van:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● die Wet op Landdroshowe, 1944, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en die aflê van getuienis deur bemiddeling van tussengangers in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuienis via 'n oudiovisuele skakel in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; ● die Strafproseswet, 1977, ten einde die toestaan en intrekking van borgtog; die aflê van getuienis by wyse van geslotekringtelevisie of soortgelyke elektroniese media; die aflê van getuienis deur 'n getuie met fisieke, sielkundige of verstandelike gestremdheid; die aanstelling, eed en bevoegdheid van tussengangers; en die reg van 'n klaer in 'n gesinsverwante misdryf om aan paroolverwante verrigtinge deel te neem, verder te reël; ● die Stafregwysigingswet, 1997, ten einde vonnisse ten opsigte van misdrywe wat teen kwesbare persone gepleeg is, verder te reël; en ● die Wet op Hoër Howe, 2013, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en die aflê van getuienis deur bemiddeling van tussengangers in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuienis via 'n oudiovisuele skakel in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999, soos gewysig	Hierdie wet het ten doel om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings te reël; om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en verpligtinge van daardie regerings doeltreffend en doelmatig bestuur word; om bepalinge neer te lê vir die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van daardie regerings toevertrou is; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, Wet 13 van 2005	Die wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder met die oog daarop om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.

Beleidsmandate

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030 (2012)	Die NOP het ten doel om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verlaag. Hierdie plan doen aan die hand dat Suid-Afrika hierdie doelwitte kan verwesenlik deur die kragdadigheid van sy mense in te span, 'n inklusiewe ekonomie tot wasdom te bring, kapasiteit te bou, die staat se vermoëns op te skerp, en leierskap en vennootskappe oral in die samelewing te bevorder.
Hersiene Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) 2019-2024	Hierdie MTUR is die staat se implementeringsplan en moniteringsraamwerk vir die bereiking van NOP-2030 se prioriteite vir die tydperk 2019-2024. Die implementeringsplan fokus op sewe prioriteite en verwante intervensies, onderwyl die geïntegreerde moniteringsraamwerk daarop fokus om uitkomst, aanwysers en teikens met die oog op die verwesenliking van prioriteite te monitor. Die hersiene MTSR 2019-2024 werk ooreenstemming in die hand en bevorder die koördinerende en volle integrasie van alle instrumente wat vir ontwikkelingsbeplanning ingespan word in 'n geïntegreerde raamwerk.
EenKaap2040: Van Visie tot Aksie (2012)	Die WKR het hierdie visie en strategie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
	toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap saam daaraan kan werk om hul streekseksonomie en die samelewing oor die algemeen te ontwikkel en begelei sodoende, aan die hand van beplanning en handelinge, 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volgehoue vooruitgang oor die lang termyn.
Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019-2024	Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse Regering se visie en prioriteite uiteensit en voortbou op die grondslag wat tydens die afgelope twee ampstermyne neergelê is. Die WKR is daartoe verbind om 'n waardegebaseerde, bevoegde regering te bou wat geleenthede moontlik maak en verantwoordbaarheid in 'n veiliger Wes-Kaap bevorder. Die visie – 'n veilige Wes-Kaap waar almal kan floreer – is verwoord in die vyf visie-geïnspireerde strategiese prioriteite wat vir die tydperk 2019-2024 geïdentifiseer is, naamlik: Veilige en koherente gemeenskappe; Groei en werkgeleenthede; Bemagtiging van mense; Mobiliteit en ruimtelike transformasie; en Innovasie en kultuur.
Wes-Kaapse Herstelplan (2021)	Hierdie plan verleen erkenning aan en is 'n respons op die COVID-19-pandemie en die negatiewe sosio-ekonomiese impakte daarvan op die burgers van die Wes-Kaap. Dit identifiseer die probleme waaraan dringend aandag geskenk moet word vanuit 'n hele-samelewing-benadering sodat werk geskep kan word, veilige gemeenskappe gekoester word en die welsyn van alle inwoners van die Wes-Kaap bevorder word. Hierdie plan sal geïmplementeer word binne die omvang van die vyf visie-geïnspireerde strategiese prioriteite soos verwoord in die PSP (2019-2024).
Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (2014)	Die raamwerk dien as basis om "op-die-grond"-lewing van nasionale en provinsiale programme te koördineer, te integreer en in ooreenstemming te bring; ondersteun munisipaliteite om hul munisipale beplanningsmandaat na te kom in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas; en ondersteun en kommunikeer die regering se voornemens met ruimtelike ontwikkeling aan die private sektor en burgerlike samelewing.
Wes-Kaapse Regering se Hele-samelewing-benadering tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018)	Die Hele-samelewing-benadering stel veilige, sosiaal-verbonde, veerkragtige en bemagtigde landburgers en gemeenskappe met gelyke toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede in die vooruitsig. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende maatskaplike ontwikkeling vanuit 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om ooreenstemming te verkry rakende die nuwe manier om maatskaplike ontwikkeling deur 'n "Hele-samelewing-benadering" te bevorder.
Witskrif oor Maatskaplike Welsyn (1997)	Die Witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur begeleidende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te bepaal.
Witskrif oor Bevolkingsbeleid (1998)	Die witskrif bevorder die ontwikkeling en handhawing van alle Suid-Afrikaners se lewensgehalte deur bevolkingsvraagstukke by die ontwikkelingsbeplanning van die onderskeie regeringsfere en alle sektore van die samelewing te integreer. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid te monitor sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Beleid oor die Befondsing van Nieregeringsorganisasies vir die Lewering van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2015) soos gewysig in 2017	Die doel met hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige wyse bestuur word wat aanspreeklikheid, toegang, doeltreffende administrasie, ondubbelsinnige prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid in die hand werk. Dit sal die DMO in staat stel om sy missie te verwesenlik rakende die verskaffing van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste en geleenthede wat hulpbehoewendes, kwesbare mense en diegene met

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
	spesiale behoeftes bemagtig.
Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013) en Hersiene Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2021)	<p>Die hoofdoel van hierdie witskrif is om gesinswelstand te kweek, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk en gesinsklessies deel van die hoofstroom van regeringswye beleidmakingsinisiatiewe te maak. Die Departement het 'n provinsiale plan ontwikkel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Forum vir Gesinsdienste aanvaar is.</p> <p>Die Hersiene Witskrif oor Gesinne bou voort op die sterkpunte van vorige beleidsdokumente en het ten doel om die kritiek teen en kommer oor die moralistiese ondertone en enge verwoording van gesinslewe in Suid-Afrika in gedeeltes van die eerste Witskrif oor Gesinne aan te spreek. Hierdie hersiening werk die beleidskrif by ten einde rekenskap te gee van die kontemporêre situasie waarbinne gesinne in Suid-Afrika hulle bevind en integreer terugvoer vanaf die belanghebbendes vanuit staatsweë en die burgerlike samelewing wat geraadpleeg is ten tyde van die hersiening van die witskrif.</p>
Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013)	Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk stem ooreen met die geïntegreerde dienslewingsmodel en lê bepalings neer vir 'n gestandaardiseerde proses waardeur maatskaplike werkers generiese maatskaplikewelsynsdienste sal voorsien wat van die verlangde gehalte, omvattend, geïntegreer en regtegebaseerd is en wat oor toereikende hulpbronne beskik.
Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013)	Bepaal die maatstawwe vir die lewering van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.
Nasionale Dwelmeesterplan 2019-2024 (2019)	Dié plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, Wet 70 van 2008, te koördineer. Sy doel is om te verseker dat die land 'n eenvormige respons op middelmisbruik het.
Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2012)	Bepaal die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, studentmaatskaplikewerke, hulpmaatskaplikewerke, leerling-hulpmaatskaplikewerke, maatskaplikewerkespesialiste en privaatpraktisyns ten einde bedrewe, professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (W5) (2012)	Hierdie nasionale raamwerk lê bepalings neer vir 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan.
Nasionale Jeugbeleid 2020-2030 (NJB 2030) (2021)	Die NJB 2030 is 'n intersektorale beleid wat ten doel het om positiewe ontwikkelingsuitkomstes vir jongmense op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak in Suid-Afrika tot uitvoer te bring. Hierdie beleid bou voort op Suid-Afrika se eerste en tweede Nasionale Jeugbeleide wat, onderskeidelik, die tydperk 2009-2014 en 2015-2020 gedek het. Die beleid erken dat prioritering van hulpbronne jeugontwikkeling, jeugopvoeding, en ekonomiese deelname sowel as fisieke en geestesgesondheid moet inkorporeer. Die gewenste uitkomstes van die beleid is bemagtigde jeugdige wat toegerus is met die inligting, kennis en vaardighede wat hulle in staat sal stel om geleenthede aan te gryp en op 'n verantwoordelike wyse inderwaarheid 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die ontwikkeling van 'n demokratiese en welvarende Suid-Afrika.

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013)	Hierdie strategie begelei, informeer en rig die Departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite en bewerkstellig 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid. Dit dien as 'n kritieke beplanningsinstrument wat daarop afgestem is om werk te maak van jongmense in die Wes-Kaap se behoeftes.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie is om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol oorgaan tot verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voor-jeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeug'-fase tussen 15 en 24.
Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Mense met Gestremdhede (2017)	Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroom-maatskaplikeontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te begelei en te koördineer. Die doel met die beleid is om te verseker dat die waardigheid en regte van alle persone met gestremdhede beskerm en aan voldoen word deur relevante sosio-ekonomiese programme en dienste te lewer wat hul insluiting verseker.
Beleidraamwerk: Dienste aan Persone met Intellektuele Gestremdhede (2015)	Die doel van die beleidraamwerk is die lewering van gekoördineerde en soomlose dienste aan mense met intellektuele gestremdhede deur verskillende provinsiale departemente/sektore om 'n persoonsgesentreerde benadering tot persone met intellektuele gestremdhede en hul gesinne te verseker deur die profiel van behoeftes van persone met intellektuele gestremdhede regoor sektore en tersaaklike departementele rolle, verantwoordelikhede en potensiele finansieringsmodelle te bepaal ten einde in die geïdentifiseerde behoeftes te voorsien.
Beleid oor die Oorsig, Vrylating en Herintegrasië van Gevonnise Inwoners in DMO-kinder-en-jeugsorgsentrums na Minder Beperkende Alternatiewe of Ouersorg (2014)	Hierdie beleid verskaf riglyne vir die oorsig, vrylating en herintegrasië van gevonnise inwoners in KJSS'e deur uitplasings na minder beperkende alternatiewe sorg kragtens Hoofstuk 11 van die Kinderwet, Wet 38 van 2005, se regulasies.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-beskermdingsdienste (2015)	Hierdie strategie is ontwikkel om die risiko's verwant aan die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet te versag. Die strategie identifiseer die kernoorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.
Standaardbedryfsprosedure (SBP) vir Kanaliseringdienste (2021)	Hierdie SBP voorsien streeksdirekteure en hul kinderbeskermdingspersoneel van riglyne en prosedures vir die toepassing van kanaliseringdienste vir kinders wat tot die alternatiewesorgstelsel toetree of reeds daarin opgeneem is. Hierdie SBP geld vir alle Kanaliseringbeamptes in die streek- en plaaslike kantore, sowel as vir die Direktooraat: Fasiliteitsbestuur.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die verwydering van straatkinders na 'n plek van veiligheid en daaropvolgende prosesse (2015)	Die SBP is ontwikkel as 'n stap-vir-stap-gids oor hoe om te werk te gaan wanneer 'n kind met 'n behoefte aan sorg en beskerming na 'n plek van veiligheid verwyder word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede uiteen van die Departement se personelede en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektore.
Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitering van maatskaplikewelsyn- en gemeenskapsontwikkelingsdienslewering (2015)	Hierdie provinsiale raamwerk stem ooreen met die Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en doen omvattende prestasiemonitering aan die hand deurdat 'n gehalteversekeringsbenadering tot gemeenskapsontwikkeling- en maatskaplikewelsynsdienste in die Departement sowel as die OSW-sektor in hierdie provinsie gevolg moet word. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering en omskryf die standaarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemoniteer en bestuur behoort te word.

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
'n Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder-en-jeugsorgsentrusms 2016-2018 (2016)	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op administratiewe nakoming van wetgewing, goeie korporatiewe bestuur en nakoming van vereistes rakende registrasie en nasionale norme en standaarde vir KJSS'e.
Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder-en-jeugsorgsentrusms (KJSS'e) (2016)	Hierdie strategie bepaal die voorsiening en toereikende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme oral in die provinsie ooreenkomstig die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en infrastruktuur beskikbaarheid.
Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike Voedselsekerheid en Voeding (2016)	Die Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedselsekerheid en Voeding teiken spesifieke tekortkominge in die huidige voedselstelsel om te verseker dat daar in die behoeftes van alle inwoners van die Wes-Kaap voorsien word. Die Strategiese Raamwerk verwoord die uitkomst en oogmerke wat programme daartoe verbind om 'n afname in mense wat honger ly en 'n verbetering in die gesondheid, voeding en produktiwiteit van alle mense wat in die Wes-Kaap woon, te bewerkstellig ter ondersteuning van aktiewe en produktiewe lewens.
Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015)	<p>Hierdie witskrif onderskryf 'n hoofstroomtrajek vir die verwesenliking van die regte van persone met gestremdhede deur die totstandbrenging van 'n vrye en regverdige samelewing wat persone met gestremdhede as gelyke landburgers insluit. Dit begelei en moedig selfverteenwoordiging van persone met gestremdhede aan.</p> <p>Dit sit die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede in die breë uiteen deur middel van nege strategiese pilare wat belanghebbendes met die verantwoordelikheid oplê om die volgehoue sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit bied leiding aan die Wes-Kaapse DMO om struikelblokvrye, gepaste, doeltreffende, doelmatige en gekoördineerde dienslewering te verskaf.</p>
Wes-Kaapse Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid 2015-2020 (2015)	Die Wes-Kaapse DMO se Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid is 'n vyfjaar- strategiese plan wat leiding bied aan die Departement oor hoe om die verplasing van kwessies rondom gestremdheid vanaf die periferie na die middelpunt van dienslewering dwarsdeur die Departement te verhaas.
Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (2020)	Hierdie plan het ten doel om 'n multisektorale, samehangende strategiese beleid en programmeringsraamwerk daar te stel ten einde 'n gekoördineerde nasionale respons deur die Suid-Afrikaanse regering en die land as geheel tot die krisis van GGG en vrouemoord te versterk. Die strategie streef daarna om werk te maak van die behoeftes en uitdagings van veral vroue van alle ouderdomme, seksuele oriëntasies, seksuele en genderidentiteite en spesifieke groepe soos ouer vroue, vroue wat met gestremdhede saamleef, swerwende vroue en transvroue wat deur die plaag van GGG in Suid-Afrika geaffekteer en geraak word.


2. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk

Die 2020-2025 Strategiese Plan sit die Departement se verbintenis tot die nasionale en provinsiale regering se prioriteite om die armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes te bemagtig, uiteen. Hierdie prioriteite word geïnformeer deur die NOP (2030), soos uitgestip in Prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024 naamlik, "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", sowel as die WKR se PSP en Herstel- en Veiligheidsplanne.


Die Herstelplan, wat ooreenstem met die PSP, is ontwikkel om versagtingsmaatreëls met betrekking tot die negatiewe sosio-ekonomiese impakte van die COVID-19-pandemie te versnel. Sy primêre dryfkrag was herstel ná die COVID-19-pandemie, met 'n fokus op werkgeleenthede, veiligheid en welsyn, ten einde die waardigheid van individue, huishoudings en gemeenskappe te handhaaf en te bevorder. Deur die temas van Welsyn en Veiligheid fokus die Departement steeds daarop om dienste vir hawelose volwassenes te verskaf, toegang tot voedselnoodleniging- en -ondersteuningsprogramme, ondersteuningstrategieë afgestem op die voorkoming van en bewusmaking rondom geweld, en om psigososiale en verwante ondersteuningsdienste aan slagoffers van, onder andere, GGG sowel as misdaad en geweld te bied. Voorts sal gespesialiseerde maatskaplikewerkintervensies verskaf word aan skoolgaande kinders en jeugdige in die 18 hoërisiko-polisiedistrikte in die provinsie terwyl misdaadvoorkomingsprogramme ook in 33 areas in die provinsie ontplooi sal word met die oog daarop om stabiele gesinne en gemeenskappe op te bou. Die laasgenoemde twee diensareas van die Herstelplan bekragtig die sleutelintervensies vervat in die top- en veiligheidsprioriteite soos verwoord in die Departementele Strategiese Plan.

Om veerkragtige gesinne en gemeenskappe te bou, is 'n vername departementele prioriteit en stem ooreen met die provinsiale prioriteite vir veiligheid en welsyn. Die doel is om gesinne wat in gevaar verkeer se kwesbaarheid te verlaag deur bewysgebaseerde intervensies vir ouers, versorgers en gesinne te ontwikkel en te verskaf. Hierdie intervensies omvat vroeë-intervensieprogramme in opdrag van die hof waarby ingesluit gesinsbehoud, huweliksberading, psigososiale ondersteuningsdienste en ouerskapprogramme sowel as statutêre dienste soos formele bemiddeling, ooreenkomste rakende ouerskapregte- en -verantwoordelikhede vir kindersorg en post-statutêre intervensies soos gesinshereniging, die verskaffing van veilige alternatiewe sorg vir kinders, intervensiedienste vir kinders wat met die gereg bots en huisvesting vir verhoorafwagende en gevonnisd kinders. Bykomende dienste sluit gesinshereniging in vir hawelose volwassenes in befondsde skuilings en slagofferbemagtigingsprogramme wat veilige ruimtes bied en die weg baan om verwys te word na gespesialiseerde behandeling, rehabilitasie en nasorgdienste vir vroue en kinders wat deur GGG geaffekteer is. In ooreenstemming met die Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord weerspieël die WKR se GGG-implementeringsplan die gekoördineerde respons van die WKR in geheel ter ondersteuning van slagoffers van GGG en die uitwissing van hierdie plaag. Voorts fokus die departementele veiligheidsprioriteit op strategieë om risiko's te verlaag waarvolgens kinders in gevaar oral in die provinsie geïdentifiseer en geassesseer en psigososiale en maatskaplikewelsynsondersteuning aan hulle verskaf word.

Figuur 1: Misdaadbrandpunte / Veiligheidsplanprioriteitsareas per DMO-dienslewingsarea en plaaslike munisipaliteit in die Wes-Kaap



Figuur 2: Misdaadbrandpunte / Veiligheidsplanprioriteitsareas per DMO-diensleweringarea in Kaapstad se metropolitaanse gebied



Die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het 'n transformasieproses van stapel gestuur met die oog daarop om die maatskaplike-ontwikkelingsportefeulje te herbedink ten einde die impak van dienslewering te verhoog. Begelei deur die mantra "Bou koherente, veerkragtige gesinne en gemeenskappe deur in mense te belê sodat armoede en kwesbaarheid uitgewis en volhoubare bestaansmiddele geskep kan word", is daar op 'n stel van 13 tematiese areas ooreengekom wat hierdie proses sal fasiliteer en sal bepaal waarop die nodige handeling moet fokus.

3. Tersaaklike hofuitsprake

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaapse Hooggeregshof/Kaapstad) relevant tot kinders met erge of volslae gedragsversteurings (saaknommer: 18678/2007)

In 'n uitspraak wat op 11 November 2010 gelewer is, is die regering gelas om redelike maatreëls te tref om kinders met erge of volslae gedragsversteurings van bekostigbare basiese onderwys van gehalte te voorsien. Ter nakoming van hierdie hofbevel maak die Departement voorsiening vir die vergoeding, opleiding en akkreditasie van personeel en programimplementeerders by spesialesorgsentrums. Voorts verskaf die Departement fondse vir die veilige vervoer van hierdie kinders na en van die sentrums.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling – Pretoria) insake kinders met erge of volslae gedragsversteurings (saaknommer: 73662/16)

Ooreenkomstig 'n hofbevel wat op 2 Augustus 2018 uitgereik is, is die Nasionale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Onderwys gelas om voorsiening te maak vir toepaslike alternatiewe sorg vir, die lewering van gesondheidsdienste aan en akkommodering van die onderwysbehoefte van kinders met ernstige of volslae ontwrigtende gedragsversteurings. 'n Intersektorale projekbeheer Komitee is op die been gebring om maatreëls in plek te stel sodat hierdie aangeleentheid aandag geniet deur 'n verwysingsweg te ontwikkel.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap) insake slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (saaknommer: SS17/2017)

Volgens die uitspraak wat op 21 September 2017 deur dié hof gelewer is, moet die WKR se DMO gepaste langtermyn-monitering, -berading en -nasorgdienste aan slagoffers van seksuele misdrywe bied. Voorts moet die Departement verseker dat OSW's wat hierdie dienste verskaf en fondse van die Departement ontvang hul kontraktuele verpligtinge nakom.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling – Pretoria) met betrekking tot die pleegsorgstelsel (saaknommer: 55477/2020)

Volgens die uitspraak wat op 12 November 2020 deur dié hof gelewer is, moet die Nasionale en Provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling sowel as die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike sekerheid (SASSA) pleegsorgbevele wat sedert en vóór November 2019 verstryk het, steeds gestand doen en bestuur. Op 8 November 2022 is die hofbevel van die Noord-Gautengse Hooggeregshof vir 'n verdere 12 maande verleng. Die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) is gelas om, binne 12 maande ná die verlenging van die hofbevel, die nodige wysigings aan die Kinderwet (2005) voor te berei en in te dien. Die NDMO is gelas om 'n aksieplan vir pleegsorg op te stel en voor te lê ter implementering van die wysigings aan die Kinderwet (38/2005). Die wysigings aan die Kinderwet is op 5 Januarie 2023 deur die President bekragtig. Voorts het die hof bevind dat enige pleegsorgbevel wat teen die tyd van hierdie hofbevel verstryk het, as geldig en geldend vir 12 maande vanaf die datum van die verlenging van die hofbevel geag moet word of totdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik, wat ook al eerste kom. Voorts is alle provinsiale DMO's gelas om kwartaallikse verslae rakende vordering met dié aangeleentheid ooreenkomstig die Hooggeregshof se bevel by die NDMO en die Noord-Gautengse Hooggeregshof in te dien.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaapse Afdeling – Kaapstad) relevant tot die sluiting van ongeregisteerde middelmisbruikbehandelingsentrum [saaknommer: 1997/2022]

Op 8 Februarie 2023 het die Wes-Kaapse Hooggeregshof 'n bevel uitgereik dat 'n middelmisbruiksentrum wat onwettig bedryf is, onmiddellik gesluit moet word. Gegewe die potensiële risiko vir gebruikers wat toegang tot hierdie diens verkry, het die Hooggeregshof hierdie bevel uitgereik gegewe die gebrek aan wetgewende begeleiding rakende die sluiting van 'n middelmisbruikbehandelingsentrum wat onwettig bedryf word. Hierdie hofbevel het 'n geregtelike presedent geskep tot tyd en wyl wetgewing voorsiening maak vir die sluiting van middelmisbruikbehandelingsentrums wat onwettig bedryf word.

Ooreenstemming met prioriteite wat wêreldwyd en nasionaal geïdentifiseer is

Die Departement se institusionele beleide en begrotings stem ooreen met Prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTSR: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer." Insgelyks vind hierdie prioriteit aansluiting by die PSP, die Herstelplan en die Veiligheidsplan. Die diepgaande maatskaplike en ekonomiese impak van die COVID-19-pandemie het die ontwikkeling van die Herstelplan genoodsaak – 'n verlenging van die PSP wat ten doel het om die provinsie se herstel van die pandemie te bespoedig. Namate die provinsie by die nuwe realiteit van 'n lewe ná die pandemie se inperkings aanpas, sal departementele beleide en planne daarop afgestem wees om beide die welsyn- en veiligheidstemas, soos vervat in die Herstelplan, te ondersteun.

Die Departement onderskryf verskeie internasionale doelwitte en agendas en het juis daarom 'n verpligting om hulle te implementeer. Voorbeelde hiervan is die VN se Agenda 2030 en die doelwitte wat vir volhoubare ontwikkeling (VOD's) gestel is. Die aspirasies verwoord in die VOD's vind aanklank by daardie uitgedruk in die NOP 2030, PSP, Herstelplan en Veiligheidsplan sowel as by die Departement se statutêre en beleidsmandate.¹

Die Departement se programme is ook in ooreenstemming met verskeie internasionale verbintenisse, verdrae en ooreenkomste wat verband hou met kindersorg en -beskerming, byvoorbeeld die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind (UNCRC, 1995), die Afrika Handves oor die Regte en die Welstand van die Kind (2000), die Haagse Konvensie oor die Siviele Aspekte van Internasionale Kinderontvoering (1997) en die Haagse Konvensie oor die Beskerming van Kinders en Samewerking ten opsigte van Interstaatlike Aanneming (2003). Die essensie van hierdie verdrae, internasionale verbintenisse en ooreenkomste is vervat in beide die wetgewende en beleidsmandate van die Departement.

Ten opsigte van die norme en standaarde vir die versorging en ondersteuning van ouer persone, erken die Departement die Madrid- Internasionale Plan van Aksie vir Veroudering en die Verklaring oor die Regte van Ouer Persone (2002). In die lewering van dienste aan persone met gestremdhede word die Departement gelei deur die norme en standaarde soos vervat in die VN se Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede (UNCPRD).

Ten opsigte van sy misdadaasvoorkomingsprogram en benewens bogenoemde, onderskryf die Departement die VN se standaarde en minimum reëls vir misdadaasvoorkoming soos:

- VN se Standaardminimumreëls oor die Administrasie van Geregtigheid vir Jeugdiges (Beijing Rules, 1985)
- Die Reëls vir die Beskerming van Jeugdiges wat van hul Vryheid Ontneem is (UN JDL Rules, 1990 – 2009)
- Die Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte (ICCPR, 1966)
- Die Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Strawwe (CAT, 2008)

Internasionale verdrae oor menseregte vereis van staatspartye om pro-aktiewe stappe te neem om te verseker dat die menseregte van vroue deur die reg gerespekteer word en om diskriminasie, ongelykhede, en praktyke wat vroue se regte negatief beïnvloed, te elimineer. Ingevolge internasionale wetgewing oor menseregte kan vroue ook geregtig wees op bepaalde bykomende regte soos dié wat verband hou met reprodktiewe gesondheidsorg. Die slagofferbemaagtigingsprogramme wat deur die Departement gelewer word, is in ooreenstemming met internasionale verbintenisse wat betrekking het op:

¹ United Nations Development Programme (UNDP) (2015). Verkrygbaar van <https://www.undp.org/content/undp/en/home/sustainable-development-goals.html> (Datum van toegang: 23 Oktober 2019).

- VN se Verklaring van Basiese Beginsels van Geregtheid vir Slagoffers van Misdaad en Magsmisbruik (1985)
- Konvensie oor die Eliminatie van alle vorme van Diskriminasie teen Vroue (CEDAW, 1979; 2016)
- VN se Protokol om Mensehandel te Verhoed, te Onderdruk en te Straf (2000)
- Die Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Strawwe (CAT, 2008)
- Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) se Konvensies oor Gedwonge Arbeid (1930; 2014 – 2016)

Voorts vind die bevordering van die regte en welsyn van vroue sy beslag in die implementering van die Nasionale Strategiese Plan (NSP) oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (GGGVM) (2020) en die NJB 2030. Om in die besonder werk te maak van die behoeftes en uitdagings van vroue wat met GGG gekonfronteer word, het die NSP oor GGGVM (2020) ten doel om 'n omvattende, multisektorale strategiese raamwerk daar te stel ten einde 'n omvattende nasionale respons teen GGG en vrouemoord te weeg te bring. In reaksie hierop is die WKR se GGG-implementeringsplan ontwikkel by wyse van 'n geïntegreerde proses waarby alle WKR-departemente betrek is om werk te maak van die krisis betreffende geweld teen vroue en kinders. Origns reageer die Departement op hierdie krisis deur hulpbronne te prioritiseer sodat skuilings-, terapeutiese en psigososiale ondersteuningsdienste vir slagoffers gebied kan word en deur opleiding en voorligting oor die voorkoming van GGG aan te bied. Ten einde te verseker dat jongmense met die nodige inligting, kennis en vaardighede toegerus word, het NJB 2030 ten doel om die jeug te bemagtig by wyse van gespesialiseerde jeugontwikkelingsintervensies wat die holistiese en positiewe ontwikkeling van jongmense as individue en lede van gesinne en gemeenskappe fasiliteer.

Met betrekking tot die voorkoming, behandeling en rehabilitasie van middelgebruikversteuring, is die Departement se intervensies in ooreenstemming met die Konvensie oor Psigotropiese Middels (1971) en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap se Protokol vir die Bestryding van Onwettige Dwelmmiddels (1996). Alhoewel Suid-Afrika nie 'n ondertekenaar van die VN se Konvensie teen die Onwettige Handel in Verdowingsmiddels en die Enkele Konvensie oor Verdowingsmiddels is nie, onderskryf dit wel die beginsels en inhoud van hierdie konvensies.

Deel B: Ons Strategiese Fokus

Visie

'n Selfonderhoudende samelewing

Missie

Om te verseker dat 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste gelewer word wat die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

Waardes

Die Departement onderskryf die kernwaardes van die WKR, naamlik:



Caring



Competence



Accountability



Integrity



Innovation



Responsiveness

4. Omstandigheidsontleding

Die Departement het sy provinsiale voetspoor vergroot en het gegroei van een hoofkantoor met 16 distrikskantore in 2009 tot een hoofkantoor wat toesig hou oor ses streekskantore met 45 plaaslike kantore, waaronder 22 dienspunte, en nege fasiliteite in staatsbesit. In landelike gebiede waar toeganklikheid dikwels deur afstand bemoeilik word, het die Departement 'n diensleweringsspan per plaaslike munisipaliteit op die been gebring. Voorts het die Departement ongeveer 1 100 oordragbetalingsooreenkomste met OSW's aangegaan. Deur middel van hierdie ekstensiewe netwerk verseker die Departement dat dienste nader aan gemeenskappe gebring word sodat diegene met die grootste nood gehelp kan word.

4.1 Ontleding van die eksterne omgewing

Die sosio-ekonomiese impak van COVID-19 op gemeenskappe wat deur die Departement bedien word, was beduidend gegewe die veranderings aan die populasie en maatskaplike dinamika van die provinsie sowel as die struktuur van huishoudings wat waargeneem is. Die medium- en langtermyn-impak van die pandemie het derhalwe verhoogde sosio-ekonomiese uitdagings tot gevolg waarop die Departement binne 'n begrensde ekonomiese en fiskale omgewing moet reageer.

Die Wes-Kaapse bevolking is in 2023 op 7.3 miljoen geraam², bestaande uit meer as 2.2 miljoen huishoudings met 'n gemiddelde huishoudelike grootte van 3.3 lede. In die eerste kwartaal van 2020 het die werkloosheidskoers in die provinsie op 20.9 persent gestaan. Ondanks onlangse verbeterings is die vlakke van werkloosheid steeds hoër as vóór COVID. Teen die einde van die vierde kwartaal van 2022 is die werkloosheidsvlak as 22.5 persent aangeteken. Hierdie tendens is gedurende dieselfde tydperk ook waargeneem vir diegene wat nie werk soek nie. Ooreenkomstig die uitgebreide omskrywing van werkloosheid, wat diegene wat nie werk soek nie, insluit, het werkloosheid van 24.8 persent in die eerste kwartaal van 2020 toegeneem tot 26.8 persent in die vierde kwartaal van 2022³. Hoër vlakke van werkloosheid het die kapasiteit van huishoudings om na hul lede om te sien, negatief beïnvloed. Volgens die Algemene Huishoudelike Opname van 2021⁴ is

² Statistiek Suid-Afrika (2022). *Mid-year Population Estimates (MYPE)*, 2022.

³ Statistiek Suid-Afrika (2022). *Quarterly Labour Force Survey (QLFS) Q4:2022*.

⁴ Statistiek Suid-Afrika (2022). *General Household Survey*, 2021.

huishoudings met ontoereikende toegang tot voedsel in die Wes-Kaap steeds hoog (12.6 persent). 'n Gebrek aan voedselsekurniteit in huishoudings is veral 'n bron van kommer namate dit betrekking het op kwesbare persone soos kinders, ouer persone, persone met gestremdhede en huishoudings waar vroue aan die hoof staan. Meer as 200 000 kwesbare persone verkry tans toegang tot maaltye by departementele GVOS'e en befondsde voedingsterreine oral in die provinsie. Bewyse van die ineenstorting van of onvermoë van gesinne en huishoudings om na hul primêre lede om te sien, is duidelik waarneembaar op verskeie vlakke van die samelewing soos blyk uit die gerapporteerde toename in die getal hawelose volwassenes, kinders wat op straat bly, kinders wat die gevaar loop om verwaarloos te word en huishoudings wat gebrekkige voedselsekurniteit in die gesig staar sowel as die waglyste vir toelating tot KJSS'e in die provinsie.

Na raming woon twee miljoen kinders⁵ tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap, wat neerkom op omtrent 'n derde van die populasie. Kinders in die provinsie se kwesbaarste gebiede is uiters blootgestel aan mishandeling en geweld, soos blyk uit tendense rakende kindermoord⁶ en die seksuele viktimisering van kinders⁷. Die kwesbaarheid van hierdie kinders is gedurende inperkings vererger weens die hoë vlakke van voedselonsekerheid in huishoudings⁸ wat, vergeleke met die tydperk vóór COVID-19, aanleiding gegee het tot 'n hoë risiko van belemmerde groei, wanvoeding en verwaarloosing. Benewens 'n behoefte aan sosio-ekonomiese ondersteuning het ouers wat in hoërisiko-areas woon 'n behoefte aan toegang tot ouerskapprogramme en maatskaplike ondersteuningsdienste om hul versorgingskapasiteit te versterk. Tussen April en Desember 2022 het 2 608 ouers en versorgers ouerskapprogramme deurloop wat deur die DMO verskaf en befonds is.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2.5 miljoen⁹ jongmense tussen die ouderdom 15 en 34 jaar. Die jeug in die provinsie se hoërisiko-areas word gekonfronteer met verskeie sosio-ekonomiese uitdagings soos swak onderwysuitkomste en beperkte indiensnemingsgeleenthede binne die konteks van maatskaplike ewels soos ongenaakbare ouerskap, toksiese groepsdruk, blootstelling aan en ervaring van GGG, middelmisbruik, misdaad en geweld. Weens die inkrimping van indiensnemingsgeleenthede, het die pandemie 'n geweldige impak op die jeug gehad. Hierdie risikofaktore het 'n impak op die jeug in die provinsie se welstand, en dit is juis om daardie rede dat dit belangrik is vir die Departement om op jeugontwikkeling en -ondersteuning te fokus. Pogings in hierdie verband omvat die verskaffing van opleiding en vaardigheids-, persoonlike en digitalegeletterdheid-ontwikkelingsgeleenthede sowel as werkprofielering vir jeugdige wat gemeenskapsgebaseerde organisasies en Jeugkafes bywoon. Voorts is die UOWP 'n vername intervensieprogram wat opleiding in vaardighede en inkomsteverligting bied aan die hand van tydelike werk oor die kort- tot medium termyn wat daarop neerkom dat 968 werkgeleenthede tot dusver gedurende 2022/23 in die OSW-sektor geskep is.

Jeugdige wat met die gereg bots, veral diegene wat by geweldsmisdaad verwant aan bendebedrywighede betrokke raak, is 'n groot bron van kommer vir die provinsie. Nege polisiestasies in die provinsie tel onder die lys van die 30 polisiestasies in die land waar die meeste moorde en aanrandings gedurende die tweede kwartaal van 2022/23 aangemeld is. Die meeste van hierdie polisiestasies is in die Kaapse Metro¹⁰. 'n Toename in jeugdige wat met die gereg bots, is egter ook in die Eden-Karoo-distrik (d.w.s. Knysna, Oudtshoorn en Beaufort-Wes) waargeneem.

Met verwysing na ouer persone is daar in 2022 geraam dat sowat 770 847 persone ouer as 60 jaar in die Wes-Kaap woon, waarvan 58 persent vroue is. Na verwagting sal hierdie syfer tot 1.084 miljoen

⁵ Statistiek Suid-Afrika (2021). *Single Ages by Province 2002-2050 MYPE report table 2022*.

⁶ Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), (2019). *Internal Analysis of SAPS Child Murder Data in the Western Cape 2013-2018*.

⁷ Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2018). *An evaluation of psycho-social support services, funded by the Department of Social Development, for victims of sexual offences at selected Thuthuzela Care Centres in the Western Cape*. [Interne verslag opgestel deur Petro Brink en Faheemah Esau]

⁸ Direktoraat Navorsing, Bevolking en Kennisbestuur (2020). *Is hunger growing because of COVID-19? – The DSD experience*. [Ongepubliseerde verslag]

⁹ Statistiek Suid-Afrika (2022). *Mid-year Population Estimates (MYPE series), 2022*.

¹⁰ Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), (2022). *Second Quarter Crime Statistics 2022/23*.

teen 2031 aangroei¹¹ en teen 2050 amper verdriedubbel tot 2.044 miljoen¹². Toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van gehalte vir ouer persone is gedurende die afgelope jaar gefasiliteer deur die voorsiening van selfsorg-, hulpleef- en verswaktesorgeenhede sowel as gepaste gemeenskapsgebaseerde intervensies. Voorts is daar ook aandag geskenk aan die handhawing van ouer persone se waardigheid en regte.

Herstellende intervensies ter ondersteuning van persone met gestremdhede sluit in om die bevordering en ondersteuning van die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers deel van die hoofstroom te maak sodat hulle gelyke geleenthede het om aan alle sferes van die samelewing deel te neem.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds 'n bron tot kommer. Die jongste data oor misdaad dui daarop dat die afname in misdaad gedurende die inperkings tydperk tydelik en kunsmatig van aard was en toegeskryf kan word aan die ramptoestand se inperkings, soos die verbod op alkohol en die aandklokke. Die getal gerapporteerde gevalle van moord in die provinsie het van 2 308 in 2010/11 tot 4 074 in 2021/22 toegeneem (SAPD, 2022) met 'n voorkomssyfer van 40.3 (vir 2010/11) en 57.3 (vir 2021/22) per 100 000 van die populاسie.

Vroue se kwesbaarheid vir verskeie vorme van GGG is vererger ten tyde van die pandemie en sy nasleep. Lang tydperke van isolasie saam met potensiële daders het die risiko van gesinsgeweld verhoog wat vererger is deur die stres wat weens verhoogde werkloosheid, 'n gebrek aan veilige vervoer en die onvermoë om aan ekonomiese geleenthede deel te neem, vererger is. Verslae oor verhoogde geslagsgebaseerde geweld, spesifiek gesinsgeweld, gedurende die inperkings tydperk beklemtoon vroue se kwesbaarheid vir geweld. GGG-intervensies wat deur die Departement geïmplementeer is, sluit in die aanstelling van 30 maatskaplike werkers wat in GGG spesialiseer by alle DMO-streetskantore met die oog daarop om die beskikbaarheid van terapeutiese ondersteuning vir slagoffers van seksuele misdade te verhoog, die ontplooiing van OSW-maatskaplike werkers in geïdentifiseerde misdaadbrandpunte en die voortgesette befondsing van 26 skuilings vir mishandelde vroue en hul kinders. Die agt Thuthuzela-sorgsentrums (TSS'e) het in vennootskap met die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die DvG&W ook 'n reusebydrae gelewer tot die onmiddellike versorging van slagoffers van GGG. Slagofferbemagtigingsdienste omvat ondersteuning vir slagoffers van mensehandel en slagoffers van gesinsgeweld.

Van die seksuele misdrywe wat in die 2021/22-boekjaar gepleeg is¹³, kan 6.9 persent (7 034) toegeskryf word aan kontakmisdade. Verdere ontleding van die SAPD se misdaadstatistiek vir 2021/22 toon dat die nasionale koers vir seksuele misdrywe op 88.0 per 100 000 van die populاسie (52 653 gevalle) staan terwyl die Wes-Kaapse koers ver hoër is teen 99.0 per 100 000 van die populاسie (7 034 insidente)¹⁴. 'n Verdere bron tot kommer is dat die SAPD se verslag oor misdaadstatistiek(2022)¹⁵ aantoon dat vyftien van die polisie-stasies onder die top 30 stasies in die land waar seksuele aanrandings gerapporteer is, in die Wes-Kaap is. Dit is allerbelangrik dat psigososiale dienste vir slagoffers van GGG geprioritiseer word. 'n Gefokusde kommunikasie- en bewusmakingstrategie tydens die WKR se 365-dae-veldtog teen GGG het daartoe gelei dat 34 persent meer kliënte as voorsien toegang tot psigososiale dienste verkry het.

Geweld teen vroue en kinders word dikwels aangevuur deur middelmisbruik. Die Departement bied 'n reeks MGV-dienste aan met inbegrip van voorkoming-, vroeëintervensie-, behandeling- en nasorgdienste om die doeltreffende herintegrasie van kliënte in hul gemeenskappe van oorsprong en die samelewing in geheel te verseker. Voorts ondersteun die Departement inisiatiewe wat die skadelike uitwerking van fetale alkoholsindroomsteurings in kinders teëwerk. Origen bied die Departement MGV-voorkomings- en -behandelingsprogramme by al sy KJSS'e aan en het hierdie dienste na GGG-skuilings uitgebrei.

¹¹ Statistiek Suid-Afrika (2022). *Mid-year Population Estimates (MYPE), 2021. Single ages by District WC 2011-2031*. [Beta]

¹² Statistiek Suid-Afrika (2021). *Single Ages by Province 2002-2050 (MYPE series 2020)*.


¹³ SAPD (2021). *Quarterly Crime Statistics 2020/2021*. [Gekombineer en intern deur die Direkoraat Navorsing en Inligtingsbestuur ontleed.]

¹⁴ Statistiek Suid-Afrika (2020). *Mid-year Population Estimates (MYPE) Single ages by Province 2002-2050_2020*.


¹⁵ SAPD (2022). *Second Quarter Crime Statistics 2022/23*.

Die impak van die energiekrisis, met die gevolglike verhoogde tydperke van beurtkrag, hou 'n aansienlike risiko vir alle programme se dienslewering in, veral daardie wat inwoners op 'n 24-uurbasis moet akkommodeer.

Figuur 3: DMO se kantore en fasiliteite in die Wes-Kaap



Figuur 4: DMO se kantore en fasiliteite in Kaapstad se metropolitaanse gebied



4.2 Ontleding van die interne omgewing

Met die oog op doeltreffende, doelmatige en responsiewe dienslewering het die Departement verskeie verbeterings aan die organisasiestruktuur aangebring sowel as streng kostebekampingsmaatreëls ingestel en bestuurstelsels, sakeprosesse en strategieë verbeter. Organisasie ontwikkelingsprosesse wat van stapel gestuur is om die doeltreffendheid van die organisasiestruktuur te verbeter, sluit in:

- Die sentralisering van die verkrygingsfunksie verwant aan voorsieningskanaalbestuur (VKB) by hoofkantoor, met spesifieke verwysing na menslikehulpbronbehoefte sodat hierdie funksie gesentraliseer kan word; en
- Die herskikking van streekstrukture ooreenkomstig die norme en standaarde vir maatskaplike werkers sowel as die administratiewe ondersteuningspersoneel wat nodig is om aan hierdie norme en standaarde te voldoen.

Die veiligheid en welstand van personeel is gebiedendnoodsaaklik. Frontlinepersoneel wat in hoërisiko-areas werk, word toenemend aan misdaad en geweld blootgestel. Om hierdie rede het die Departement verskeie maatreëls ingestel om hierdie risiko te versag waaronder om in vennootskap met die SAPD, die Departement van Polisie toesig en Gemeenskapsveiligheid en die Provinsiale Gesamentlike Operasionele Komitee personeelsekureit in hoërisiko-areas te verbeter asook om veiligheid- en sekureitstoerusting te installeer as deel van alle kapitaal- en instandhoudingsprojekte wat onder toesig van die Departement van Infrastruktuur onderneem word.

Geraam as agt persent teen die einde van Desember 2022, is die Departement se vakaturekoers¹⁶ steeds laer as die Departement van Staatsdiens en Administrasie se norm van tien persent. Vakaturekoerse binne sekere beroepsgroepe soos kinder- en jeugsorgwerkers, opvoeders en verpleegkundiges by KJSS'e bly egter steeds 'n uitdaging. Die vooruitskouing is dat beperkte begrotings steeds 'n beduidende impak op die vul van poste gaan hê, en derhalwe ook op die Departement se vermoë om dienste te lewer. Daarom het die Departement poste geïdentifiseer wat geprioritiseer sal word ter versagting van die impak op dienslewering. Hierdie maatreël is egter ontoereikend, gegewe die impak wat die huidige stand van die ekonomie op ons dienste het en die gebrek aan voldoende befondsing om statutêre dienste te ondersteun. Die moontlike sluiting van OSW's sal ook hoër eise aan die Departement stel om hierdie dienste te lewer. In gevalle waar 'n OSW moet sluit, beroep die Departement hom op die OSW-sektor om volgehoue toegang tot dienste te verseker. As geen alternatiewe OSW beskikbaar is nie, sal die Departement toetree.

Beurtkrag het 'n beduidende impak op die lewering van dienste by die DMO se eie fasiliteite, in die besonder by KJSS'e waar waterretikulering en sekureitstelsels krag nodig het om te funksioneer. Om daardie rede het die Departement diesekragopwekkers, teen 'n aansienlike koste vir die Departement, geaktiveer om te verseker dat KJSS'e, sowel as ander fasiliteite waar nodig, optimaal funksioneer gedurende kragonderbrekings.

Die Departement het begin om die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), Wet 4 van 2013, te implementeer en sal oor die komende maande voortgaan om te verseker dat dié wet sowel as die regulasies ten volle binne die Departement geïmplementeer word. 'n Inligtingsbeampte en Adjunkinligtingsbeamptes is aangestel. Die Handleiding oor die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) is bygewerk ter insluiting van POPIA, en die Departement het 'n privaatheidsbeleid en privaatheidskennisgewing ontwikkel. Impakassesserings rakende persoonlike inligting word tans uitgevoer om risiko's verwant aan databeskerming te identifiseer en te minimaliseer. Die Departement het ook 'n kommunikasie- en voorspraakveldtog van stapel gestuur om alle personeel in te lig en op te voed oor POPIA sowel as departementele beleide met betrekking tot persoonlike inligting.

Tegnologie vervul toenemend 'n rol in die doeltreffende funksionering van organisasies. Ondanks 'n beperkte begroting het die Departement stelselimplementering geprioritiseer ten einde tred te hou

¹⁶ Die vakaturekoers is gegrond op befondsde, gevulde poste en sluit interns uit.

met tegnologie-ontwikkelings, en stelsels word geïmplementeer om die beskikbaarheid van bestuursinligting te verbeter. Die betalingsmodule van die OSW-bestuurstelsel word tans inkrementeel geïmplementeer, en verskeie verbeterings is ingevoer ten einde betalingsrisiko's te verlaag. Die Departement het voortgegaan om sy opleiding- en implementeringsplan met betrekking tot die OSW-bestuurstelsel te ontplooi, en inisieer ook verbeterings ten einde doeltreffendheid te verbeter. Addisionele modules word tans ontwikkel en/of verbeter en sal oor die volgende twee jaar ontplooi word.

Die Departement het steeds die gebruik van die elektroniese inhoudbestuurstelsel MyContent bevorder om te verseker dat personeel moeiteloos toegang tot rekords kan verkry. 'n Vergunningstruktuur met betrekking tot die bestuur van elektroniese inhoud is ook binne die Departement geïmplementeer ten einde voldoening aan POPIA te verseker; die beleid rakende elektroniese handtekeninge is ook gewysig om nakoming binne 'n veranderende COVID-19-omgewing te verseker; en die vervanging van PR-hardeware word opnuut geprioritiseer ten einde die WKR se opgradering na Windows 10 te akkommodeer.

Via sy e-Mobility-oplossing het die Departement die konektiwiteit van sy frontliniëpersoneel en -kantore wat nie via breëband verbind is nie, gehandhaaf. Die huidige Cell C-kontrak verstryk aan die einde van Julie 2023, maar die Departement is reeds besig om voorstelle/tenders in te win ooreenkomstig die Nasionale Tesourie se RT15 2021-kontrak vir die vir aanstelling van 'n e-Mobility-diensverskaffer. Die NDMO het stelsels ontplooi soos die bestuurstelsel vir proefgevalle wat 'n eindpunt-kenningsfunksie insluit waarvoor konektiwiteit en data benodig word. Die Departement se e-Mobility word ook vir hierdie stelsel gebruik, veral vir werk wat na ure verrig word, wat dikwels die geval met proefbeamptes is.

Om departementele data te beveilig, word InTune-enkoderingsagteware steeds op alle persoonlike rekenaars, veral skootrekenaars, geïnstalleer. Dit sal ook hierdie toestelle minder aantreklik vir diefstal maak. Die InTune-projek het laat in die 2020/21-boekjaar 'n aanvang geneem en sal gedurende die 2022/23-boekjaar gefinaliseer word. Ten einde die sukses van hierdie projek te verseker, het die Departement ook 'n proses van stapel gestuur om te verseker dat alle persoonlike rekenaars opgegradeer word na Windows 10 met Office 365 – 'n voorvereiste vir die InTune-installasie. Persoonlike rekenaars en skootrekenaars wat nie met Windows 10 versoenbaar is nie, word vir vervanging geprioritiseer. Ten laaste het die Departement steeds toegang tot opleiding en kapasiteitsbou in inligtingkommunikasietegnologie (IKT) aan personeel verleen, met insluiting van aanlyn opleiding in eindgebruikersagteware.

4.3 Evaluerende navorsing deur die Departement onderneem

Gegewe die belangrike rol wat evaluerende navorsing in die verbetering van dienslewering kan vervul, word 'n navorsing- en evalueringsplan op 'n jaarlikse basis opgestel. Hierdie plan identifiseer en beskryf die omvang en oogmerke van die evaluerende navorsing wat in 'n spesifieke jaar onderneem gaan word. Hierdie evaluasies word onderneem ooreenkomstig die riglyne wat deur die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering sowel as die departementele SBP vir evaluerende navorsing neergelê is. Departementele evaluasies volg 'n gefaseerde benadering. Die volgende evaluasieverlae sal in die 2022/23-boekjaar voltooi en in die 2023/24-boekjaar gefinaliseer word, hangende die goedkeuring van die tersaaklike belanghebbendes.

'n Evaluasie van die model vir die Khuseleka-eenstopsentrums soos in die Wes-Kaap geïmplementeer: Die evaluasie het ten doel om 'n oorsig van hierdie model, soos geïmplementeer in die Wes-Kaap, te bied. Die evaluasie se sleuteloormerke sal wees om te beskryf hoe die model in die Wes-Kaap geïmplementeer word; om verkennend te bepaal of die model soos beplan in die Wes-Kaap geïmplementeer word en om te bepaal wat gedoen kan word om die implementering van die model in die Wes-Kaap te versterk.

'n Evaluasie van intervensies vir straatkinders in die Wes-Kaap: Die evaluasie sal 'n omstandighedsontleding en 'n implementeringsevaluasie insluit. Die omstandighedsontleding sal die faktore identifiseer wat tot die verskynsel van straatkinders in die Wes-Kaap bydra en die verskillende tipes en kategorieë van straatkinders in die provinsie verken. Die implementeringsevaluasie sal die relevansie en gepastheid van die intervensies vir straatkinders

evalueer, gegewe die kompleksiteit van die straatkindvraagstuk. Voorts sal dit die sterk- en swakpunte en uitdagings sowel as die lesse wat geleer is, identifiseer en toelig ten einde die gehalte van implementering te verbeter.

'n Evaluasie van intervensies vir ouer persone in die Wes-Kaap: Die hoofdoel van die evaluasie is om implementeringsevaluasie te onderneem van intervensies wat daargestel is om die mishandeling van ouer persone in die Wes-Kaap teë te werk. Die projek se hoofdoel gaan daarop fokus om beskikbare intervensies teen die mishandeling van ouer persone in die provinsie te beskryf en te evalueer. Verslagdoening oor die mishandeling van ouer persone word as 'n verdere doelwit vir die evaluasie gestel, sowel as om struikelblokke tot verslagdoening oor ouer persone te identifiseer en aanbevelings ter verbetering van die respons op die mishandeling van ouer persone in die provinsie te formuleer.

Deel C: Meet van Ons Prestasie

5. Institusionele programprestasie-inligting

5.1 Program 1: Administrasie

Doel van die program

Hierdie program omvat die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s. provinsiale, streek-, distrik- en fasiliteit-/institusionele vlak.

Let wel: Die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) wat in die Departement van die Premier gesetel is, verskaf ondersteuningsdienste ten opsigte van menslikehulpbronbestuur aan hierdie Departement.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Doel van subprogram

Verskaf 'n politieke en wetgewende koppelvlak tussen die regering, burgerlike samelewing en alle ander tersaaklike belanghebbendes.

Subprogram 1.2: Korporatiewe bestuursdienste

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die strategiese begeleiding en die oorhoofse bestuur en administrasie van die Departement.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	Kapasiteitsbou van maatskaplikewerke en verwante beroepe	1.2.1.1 Getal opleiding-intervensies vir maatskaplikewerke en maatskaplikewerk verwante beroepe	29	29	29	29	29	29	29
		1.2.1.2 Getal beurse toegeken	N.V.T.	146	86	109	86	29	14
	Maatskaplike werkers is in diens van die DMO.	1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO ¹⁷	N.V.T.	948	961	876	876	876	876
	Tydige vereffening van fakture	1.2.1.4 Persentasie fakture wat binne 30 dae deur DMO-diensverskaffers betaal is.	N.V.T.	99.9%	99.96%	100%	100%	100%	100%

¹⁷ Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Sektorstrategie vir die indiensneming van maatskaplikewerkberoepslui ontwikkel".

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	Om goeie korporatiewe bestuur ter ondersteuning van die lewering van dienste van gehalte te bevorder	1.2.1.5 Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die geouditeerde finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting	N.V.T.	Skoon Audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe	29	-	-	-	29
1.2.1.2 Getal beurse toegeken	86	-	-	-	86
1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO	876	-	-	-	876
1.2.1.4 Persentasie fakture van diensverskaffers wat binne 30 dae deur DMO vereffen is	100%	-	-	-	100%
1.2.1.5 Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die geouditeerde finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting	Skoon audit	-	-	-	Skoon audit

Subprogram 1.3: Distriksbestuur¹⁸

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die desentralisering, bestuur en administrasie van dienste op distriksvlak binne die Departement.

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Prioriteit 1 van die hersiene 2019-2024 MTSR spreek die behoefte aan om verantwoordelikhede toe te wys en aanspreeklikheid vir prestasie te verseker sowel as die behoefte om gevolge te bestuur. Dit vind aanklank by die prioriteit "Innovasie en kultuur" soos vervat in die PSP. Om te verseker dat korporatiewe bestuur en dienslewering verbeter word, sal die personeel op vol sterkte en bevoeg moet wees en sal organisatoriese prosesse gereeld hersien moet word sodat daardie personeel doeltreffend en doelmatig aangewend kan word.

Die Departement sal aanhou om sy planne en begrotings te rig op die behoeftes van die gemeenskappe waaraan hy 'n diens lewer en ook sorg dat daardie planne en begrotings ooreenstem met provinsiale en nasionale prioriteite. Vir die duur van hierdie mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) sal sy strategiese besluite op die volgende beginsels gegrond word:

- Om beleidsbeginsels in ooreenstemming te bring met die PSP, gegrond op intervensies vervat in die Herstelplan en die DMO se strategiese plan;
- Om die lewering van statutêre dienste ingevolge die Departement se primêre wetgewende mandate en verpligte funksies, soos die uitvoering van intervensies wat deur die hof gelas is, te handhaaf;
- Om alle terreine van dienslewering en sferes van die regering saam te snoer en te koördineer sodat impak en doeltreffendheid verhoog kan word; en
- Om geprioritiseerde diensleweringposte te vul.

¹⁸ Die opskrif "Distriksbestuur" word ooreenkomstig die nasionale begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO word egter op 'n streekkantoorbasis bedryf.

Strategies gaan die Departement dus daarop fokus om te verseker dat:

- Die organisatoriese struktuur herontwerp word ten einde doelmatigheid en menslike hulpbronne te verbeter. Na verwagting sal die organisasie-ontwerpproses ten opsigte van alle streekskantore in 2023/24 afgehandel wees;
- Die verhouding van maatskaplike werker tot populasie van 1: 4 500 in die provinsie (nasionale norm 1: 5 000 vir stedelike en 1: 2 500 in landelike gebiede) progressief te verbeter inaggenome maatskaplikewerkberoepspluise gevallelading;
- Die verhouding van kinder- en jeugsorgwerkers in beveiligde KJSS'e weens die inkontraktering van hierdie funksie progressief tot 5:1 en by die Sivuyile-sentrum vir persone met volslae gestremhede tot 3: 1 te verbeter volgende op die oordrag van hierdie diens vanaf die DvG&W; en
- Infrastruktuur by plaaslike kantore/dienspunte uit te brei en in stand te hou, onderworpe aan die beskikbaarheid van geskikte terreine en die befondsing daarvan.

5.1.1 Program se hulpbronoewegings

Die styging van R6.265 miljoen of 2.57 persent vanaf die hersiene beraming van R244.225 miljoen in 2022/23 tot R250.490 miljoen in 2023/24 is weens die toewysings vir opleidingsintervensies vir kinderbeskermingsdienste en die "Face of Government"-toewysing (wat deur die uitvoerende gesag geprioritiseer is). Die begrotingstoewysing styg daarna tot R253.819 miljoen in 2024/25 en R265.712 miljoen in 2025/26.

Opsomming van betalings en ramings – Program 1: Administrasie

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geouditeer 2019/20	Geouditeer 2020/21	Geouditeer 2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2022/23
1.1 Kantoor van die LUR	6 148	7 040	7 430	8 588	8 090	8 090	8 741	8 782	9 207	8.05
1.2 Korporatiewe bestuursdienste	145 440	144 349	142 641	149 937	150 517	150 517	157 902	160 965	168 359	4.91
1.3 Distriksbestuur	80 424	77 338	91 820	79 560	85 618	85 618	83 847	84 072	88 146	-2.07
Totale betalings en ramings	232 012	228 727	241 891	238 085	244 225	244 225	250 490	253 819	265 712	2.57

Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geouditeer 2018/19	Geouditeer 2019/20	Geouditeer 2020/21	2021/22	2021/22	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2021/22
Lopende betalings	212 487	211 942	218 624	221 527	224 408	224 408	233 037	235 689	246 749	3.85
Vergoeding van werknemers	173 315	175 591	179 604	180 974	183 840	183 840	182 638	184 830	193 886	(0.65)
Goedere en dienste	39 172	36 351	26 831	40 553	40 568	40 568	50 399	50 859	52 863	24.23
Oordragte en subsidies aan	3 202	4 737	7 277	3 389	8 881	8 881	3 415	3 446	3 604	(61.55)
Departementele agentskappe en rekeninge	2 549	2 824	2 805	2 926	2 998	2 998	3 295	3 446	3 604	9.91
Instansies sonder winsbejag	-	-	-	-	-	-	-	-	-	
Huishoudings	653	1 913	4 472	463	5 883	5 883	120	-	-	(97.96)
Betalings vir kapitaalbaties	15 817	10 799	15 508	13 169	10 024	10 024	14 038	14 684	15 359	40.04

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomst			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geouditeer 2018/19	Geouditeer 2019/20	Geouditeer 2020/21	2021/22	2021/22	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2021/22
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	15 817	10 799	15 508	13 147	10 024	10 024	14 038	14 684	15 359	40.04
Sagteware en ander ontasbare bates	-	-	-	22	-	-	-	-	-	-
Betalings vir finansiële bates	506	1 249	482	-	912	912	-	-	-	(100.00)
Totaal ekonomiese klassifikasie	232 012	228 727	241 891	238 085	244 225	244 225	250 490	253 819	265 712	2.57

5.1.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	OSW's voldoen nie aan statutêre vereistes in die loop van die befondsingtoekenningsproses nie.	<ul style="list-style-type: none"> Verbeterde omsigtigheidsondersoek van OSW's vóór toekenning van befondsing (bekragtiging van ondersteunende dokumente). Deurlopende monitering van OSW's deur terreinbesoeke en lessenaarevaluerings uit te voer; hersiening van finansiële en vorderingsverslae vir afwykings, volledigheid en nakoming van projekdoelwitte; en deur periodiek te versoek dat OSW's dokumente ter ondersteuning van uitgawes verskaf. Evalueerings van finansiële likiditeit word elke jaar uitgevoer.
	Korrupsie – nepotisme/voortrekkery – onverklaarde belang verwant aan werwing en keuring en die manipulasie van hierdie proses ten gunste van 'n sekere kandidaat	<ul style="list-style-type: none"> Paneellede teken 'n verklaring met betrekking tot enige botsende belange (ingeslote vriendskappe en vorige kennismaking). Keuringspaneel raadpleeg en stel 'n objektiewe persoon (MH) aan om op die paneel te dien en om by die werwingsproses in geheel betrokke te wees. Die voorsitter moet 'n lys van moontlike onderhoudsvrae opstel en goedkeur en die paneel moet ooreenkom oor die toepaslike onderhoudsvrae kort voor die onderhoud sodat die tydverloop tussen die seleksie van vrae en die voer van die onderhoud tot die minimum beperk word. Verteenwoordiging deur mensebestuurpraktyke maak deel uit van die werwing- en keuringsproses ten einde te verseker dat dit billik is en na behore uitgevoer word. 'n Verklaring ten opsigte van potensieël botsende belange word deur paneellede onderteken.

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
	<p>Korrupsie – manipulasie van die VKB-proses met die oog daarop om 'n tenderaar in die toekenning van 'n tender vir goedere en/of dienste te begunstig sonder dat die voorgeskrewe verkrygingsproses gevolg word.</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Samespanning tussen tenderaars of bestaande verskaffers (d.w.s. horisontale verhoudings) ten tyde van verkrygingsprosesse met die oog daarop dat een of meer tenderaar in die toekenning van die tender begunstig word. ● Soortgelyk hieraan is samespanning tussen amptenare en tenderaars en/of bestaande verskaffers wat behels dat interne departementele telkaarte waarvolgens punte, gegrond op spesifieke kriteria vir prys en breë-basis swart ekonomiese bemagtiging toegeken word, beskikbaar gestel word ten einde onbillike begunstiging in die verkrygingsproses te bewerkstellig. 	<ul style="list-style-type: none"> ● Nuusflitse oor die Gedragskode word onder werknemers gesirkuleer om te verseker dat personeel bedag is op en hulle weerhou van korrupte aktiwiteite. ● VKB-beheermaatreëls in plek om te verseker dat VKB-amptenare aan etiese standaarde ooreenkomstig die Nasionale Tesourieregulasies voldoen. VKB-amptenare onderteken 'n Gedragskode in hierdie verband. ● 'n Departementeel goedgekeurde etiek- en integriteitbestuurstrategie is in plek en personeel moet opleiding ondergaan om etiese gedrag ten opsigte van verkryging vas te lê. ● Periodieke hersiening van verkrygingsprosesse wat in toegekende kontrakte geïmplementeer is. ● Personeel voltooi finansiële openbaarmakings en verklaring van belange en dit word deur die departementele etiekbeampte hersien ten einde enige potensiële of waargenome konflik van belange te identifiseer ten einde regverdige en billike administratiewe optrede deur amptenare (spesifiek lede van die bodkomitees en VKB-personeel) te bevorder.

5.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbendes en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

Subprogram 2.2: Dienste vir ouer persone

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, ondersteuning en beskerming van ouer persone.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Arm, kwesbare ouer persone lewe aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Dienste / fasiliteite vir residensiële sorg is beskikbaar vir ouer persone.	2.2.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in residensiëlesorg-fasiliteite vir ouer persone.	8 819	5 000	4 993	4 993	4 906	4 906	4 906
	Gemeenskap-gebaseerde sorg- en ondersteuning-dienste is beskikbaar vir ouer persone.	2.2.1.2 Getal subsidies oorgedra na gemeenskap-gebaseerde sorg- en ondersteuning-dienste vir ouer persone.	16 221	16 396	17 029	13 887	12 396	12 396	12 396
	Hulpleef- en selfsorg-inwoning-fasiliteite is beskikbaar vir ouer persone.	2.2.1.3 Getal gesubsidieerde beddens in hulpleef- en selfsorginwoning-fasiliteite vir ouer persone.	718	740	755	740	671	671	671

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.2.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in residensiëlesorg-fasiliteite vir ouer persone .	4 906	4 906	4 906	4 906	4 906
2.2.1.2 Getal subsidies oorgedra na gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste vir ouer persone.	12 396	12 396	12 396	12 396	12 396
2.2.1.3 Getal gesubsidieerde beddens in hulpleef- en selfsorginwoning-fasiliteite vir ouer persone.	671	671	671	671	671

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie subprogram fokus op die bemagtiging, beskerming en bevordering van die regte, welstand, veiligheid en sekuriteit van ouer persone. Die Departement fokus steeds daarop om sy statutêre verpligting ingevolge die Wet op Ouer Persone (2006) na te kom deur 'n bemagtigende omgewing te skep waarbinne toegang tot dienste gefasiliteer word wat ouer mense bemagtig om betekenisvolle en produktiewe lewens binne hul gemeenskappe te lei. Dit stem ooreen met die NOP se vyfjaar-implementeringsplan wat 'n "hervormde maatskaplikewelsynsektor en -dienste" in die vooruitsig stel.

Geïntegreerde sorg- en ondersteuningsdienste van gehalte sal steeds geprioritiseer word ten einde die beskerming van kwesbare ouer persone in die provinsie te verseker. Die volgende inisiatiewe sal vir die duur van die MTUR ontwikkel, geïmplementeer en/of voortgesit word:

- Voortgesette implementering van die model om residensiële fasiliteite wat nie onder toesig van 'n moederliggaam bedryf word nie, nie oor sterk bestuurskapasiteit beskik nie en finansiële in gevaar verkeer, te mentor;
- Registrasie van residensiële sorgfasiliteite vir verswakte ouer persone binne gemeenskappe ten einde voldoening aan minimum norme en standaarde en die lewering van dienste van gehalte te verseker;
- Voortgesette ondersteuning van modelle vir alternatiewe en ondersteunende sorg soos selfsorg- en hulpleefmodelle ten einde die veiligheid van en alternatiewesorg-opsies vir onafhanklike ouer persone sowel as diegene wat hulp op 'n daaglikse basis benodig, te verseker;
- Handhawing van die voorsiening van residensiële en gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste sodat ouer persone op 'n 24-uur-basis versorg kan word en aktiewe en gesonde lewens kan lei;
- Prioritiserings van toegang tot GGG-skuilings vir ouer persone wat slagoffers van GGG is in medewerking met die subprogram slagofferbemagtiging; en
- Voortgesette monitering van residensiële fasiliteite ten einde streng nakoming van norme en standaarde te verseker.

Subprogram 2.3: Dienste vir persone met gestremdhede

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en voorsien dienste wat die bevordering van die welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van gestremde persone fasiliteer.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede is beskikbaar.	2.3.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in OSW-befondsde residensiële sorg-fasiliteite vir persone met gestremdhede. ^{19,20}	1 871	1 673	1 674	1 674	1 647	1 647	1 647
		2.3.1.2 Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO-residensiële fasiliteite verkry. ^{19,20}		119	116	110	100	100	100
	Dienste in befondsde beskermende werkwinkels is tot persone met gestremdhede se beskikbaar.	2.3.1.3 Getal subsidies oorgedra aan beskermende werkwinkels wat dienste aan persone met gestremdhede verskaf. ²⁰	2 950	2 863	2 958	2 961	2 655	2 655	2 655
	Befondsde gemeenskap-gebaseerde dagsorg-programme is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	2.3.1.4 Getal subsidies oorgedra aan gemeenskap-gebaseerde dagsorgfasiliteite vir persone met gestremdhede. ²⁰	971	1 003	1 054	1 049	1 033	1 033	1 033

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.3.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in OSW-befondsde residensiële sorgfasiliteite vir persone met gestremdhede.	1 647	1 647	1 647	1 647	1 647
2.3.1.2 Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO-residensiële fasiliteite verkry.	100	100	100	100	100
2.3.1.3 Getal subsidies oorgedra aan beskermende werkwinkels wat dienste aan persone met gestremdhede verskaf.	2 655	2 655	2 655	2 655	2 655
2.3.1.4 Getal subsidies oorgedra aan gemeenskapsgebaseerde dagsorgfasiliteite vir persone met gestremdhede.	1 033	1 033	1 033	1 033	1 033

¹⁹ Disaggregasie van hierdie uitsetaanwysers het in die 2020/21-boekjaar plaasgevind.

²⁰ Hierdie aanwysers word gekoppel aan die NTSR-aanwyser "Getal persone met gestremdhede wat teen 2024 persoonlike hulpverleningsdienste ontvang".

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermyntydperk

Die Departement bly daartoe verbind om 'n leidende rol te vervul in die voorsiening van dienste aan persone met gestremdhede, hul gesinne en/of versorgers en die gemeenskappe waarbinne hulle woon. Hierdie dienste het ten doel om die welstand, bemagtiging, waardigheid, beskerming en regte van persone met gestremdhede te bevorder. Voorts plaas die subprogram klem daarop om die deelname, insluiting en aanvaarding van persone met gestremde as deel van die hoofstroomsamelewing te versterk.

Ten aansien van die WKR se verpligtinge ten opsigte van die menseregte van kinders, die jeug en volwassenes met gestremdhede, word hierdie geprioritiseerde groepe as die kwesbaarste binne gemeenskappe gereken wie se regte beskerm moet word en waarvoor omgewings geskep moet word sodat ook hulle tot hul volle potensiaal kan ontwikkel. Dit vind aansluiting by Prioriteit 4 van die hersiene MTSR vir 2019-2024: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer." Die Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015) lê klem op "inklusiewe en billike sosio-ekonomiese ontwikkeling" wat eweneens aanklank vind by die NDMO se beleid oor die verskaffing van maatskaplike ontwikkelingsdienste vir persone met gestremdhede (2017) en die Departement se strategie om gestremdheid deel van die hoofstroom te maak (2015), wat daarop neerkom dat die regte en waardigheid van persone met gestremdhede by wyse van sosio-ekonomiese programme en dienste behoue moet bly.

Programme en dienste sal steeds op só 'n wyse gelewer word dat die inklusiwiteit van en gelyke toegang tot programme en dienste verseker word. Voorgenome dienste sluit in:

- Handhawing van gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme vir volwassenes met gestremdhede en standaardisering van dienste met die oog op 'n beter gehalte van sorg;
- Voortgesette ontplooiing van die registrasie van gedeeltelikesorgfasiliteite / dagsorgsentrusms vir kinders met gestremdhede om die wetgewende mandaat vervat in hoofstuk 5 van die Kinderwet tot uitvoer te bring;
- Volhouding van ondersteuning aan gestremdheidsdiensorganisasies en organisasies vir gestremde mense wat ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan persone met gestremdhede, hul gesinne en/of versorgers lewer;
- Verlening van leiding en ondersteuning aan dagsorgsentrusms en residensiële fasiliteite (24-uur-sorgfasiliteite) vir kinders met erge of volslae gedragsversteurings sowel as volwassenes met gestremdhede en versekering dat daar aan minimumstandaarde vir residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede voldoen word;
- Voortgesette ondersteuning en begeleiding van beskermende werkswinkels met die oog op verbeterde dienslewering;
- Voorsiening van strukture wat ondersteuning aan die ouers van kinders met gestremdhede bied, in vennootskap met die OSW-sektor;
- Verskaffing van berading- en psigososiale ondersteuningsdienste vir persone met gestremdhede en gemeenskapslede;
- Uitbreiding van beskikbare bedspasie vir kinders met gestremdhede in alternatiewe sorg by OSW-KJSS'e; en
- Interne ontplooiing van die model vir die bemagtiging van gestremdes en hul insluiting by die hoofstroom.

Subprogram 2.4: MIV en VIGS

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde sorgprogramme en -dienste wat gemik is op die versagting van die maatskaplike en ekonomiese impak van die menslike immunitetsgebreekvirus (MIV) en VIGS.

Programfokus

MIV/VIGS-intervensies en die verbandhoudende begroting is by die program vir kindersorg en -beskerming geïntegreer.

Subprogram 2.5: Maatskaplike noodleniging

Doel van subprogram

Om te reageer op noodbehoefte wat geïdentifiseer is in gemeenskappe wat deur rampe geraak word waar hierdie nog nie verklaar is nie en/of enige ander maatskaplike toestand wat weens buitensporige ontberings veroorsaak word.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Gevalle van buitensporige ontbering geassesseeer.	2.5.1.1 Getal gevalle van buitensporige ontbering (huishoudings) geassesseeer.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	1 073	1 073	1 073	1 073
	Rampgevalle geassesseeer.	2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) geassesseeer.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	945	945	945	945
Jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.	Bokse met sanitêre pakkies word na geïdentifiseerde skole en fasiliteite versend.	2.5.1.3 Getal bokse sanitêre pakkies na geïdentifiseerde skole en fasiliteite versend. ²¹	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	26 215	26 215	27 526	28 902

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.5.1.1 Getal gevalle van buitensporige ontbering (huishoudings) geassesseeer.	1 073	274	283	258	258
2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) geassesseeer.	945	228	239	249	229
2.5.1.3 Getal bokse sanitêre pakkies na geïdentifiseerde skole en fasiliteite versend.	26 215	-	-	-	26 215

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Om te verseker dat individue, gesinne en gemeenskappe toegang het tot humanitêre noodlenigingsdienste sal die subprogram, ingevolge die Wet op Maatskaplike Noodleniging (2004 soos gewysig) en die Wet op Rampbestuur (2002 soos gewysig) voortgaan om toegang tot omvattende noodlenigingsintervensies te verleen aan die hand van assesserings en verwysings na gepaste dienste ten tyde van rampe en buitensporige ontberings. Hierdie dienste sluit toegang tot psigososiale ondersteuning, voedselnoodleniging en SASSA-gedadministreerde maatskaplike noodlenigingsdienste (oombliklike tydelike finansiële/materiële hulp) in.

Hierdie subprogram vind aansluiting by Prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTSR wat soos volg lui: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer". Hiervolgens moet maatskaplike noodlenigingsvoordele verleen word aan huishoudings/gesinne wat aan buitensporige ontbering blootgestel is en/of deur rampe getref is. Dit is belangrik dat hierdie gesinne toegang tot psigososiale en die nodige monetêre ondersteuning verkry wat hulle sal help om op 'n veerkrachtige wyse die ontberings te bowe te kom. Gegewe sy fokus op veerkrachtige gesinne en menseregte, stem hierdie subprogram ooreen met die Herstelplan se welstandtema.

Die voortslepende impakte van die COVID-19-pandemie het steeds 'n negatiewe impak op ekonomiese herstel, en derhalwe op werksekuriteit en werkloosheid – faktore wat bydra tot huishoudings se onvermoë om selfversorgend te wees. Die DMO sal ten nouste met SASSA en

²¹ Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Persentasie noodbehoewende vroue en meisies in kwintiel 1, 2 en 3; plaasskole en spesiale skole; VOO-kolleges en openbare universiteite wat gratis sanitêre doekies ontvang".

ander staatsagentskappe saamwerk om te verseker dat kwalifiserende individue sowel as hoofde van huishoudings en gesinne ingeskakel word by maatskaplike verligting in die vorm van noodleniging, die DMO se gekoördineerde kospakkeprojek en die nodige psigososiale ondersteunings-, trauma- en beradingsdienste via sy maatskaplikewerk- en gemeenskapsontwikkelingspersoneel.

Sleutelfokusareas vir die humanitêre noodlenigingswerk onder aanvoering van die DMO sluit 'n gefaseerde benadering tot die daargestelling van 'n humanitêre noodlenigingswerkstroom vir die Kaapse Wynlande en Overberg op streeksvlak. Die beplanning vir die fase waartydens belanghebbendes betrek word, het reeds begin en die opdrag in hierdie verband is reeds goedgekeur. Laasgenoemde het ten doel om te verseker dat 'n gekoördineerde en verenigde benadering tot die implementering van die werkstroom se intervensies gevolg word. Voorts het kapasiteitsbou vir alle streeksbeampies met betrekking tot riglyne en protokolle verwant aan die maatskaplike noodlenigingsbeleid ten doel om die gehalte, toeganklikheid en volhoubaarheid van die intervensies vir kwesbare groepe binne huishoudings te verbeter. Hierdie vername intervensies sal uitgebrei word om ook daardie areas wat aan die hand van die veiligheidsplan se strategie as brandpunte geïdentifiseer is, in te sluit sowel as landelike gebiede wat die meeste deur die voorkoms van rampe, met insluiting van droogtes, geraak word.

Die sanitêrewaardigheidsprojek het ten doel om die welstand, gesondheid, waardigheid en selfbeeld van vroulike leerders te handhaaf. Die projek sal voortgaan om produkte vir sanitêre higiëne te voorsien aan meisies en jong vroue wat geïdentifiseerde WKOD-skole bywoon met inbegrip van alle kwintiele, sowel as die DMO se eie en befondsde KJSS'e oral in die provinsie.

5.2.1 Program se hulpbronnorewegings

Die styging van R52.219 miljoen of 4.89 persent vanaf die hersiene raming van R1.067 miljard in 2022/23 tot R1.119 miljard in 2023/24 is weens die toewysings vir beveiligde geestesgesondheidsfasiliteite, die "Face of Government"-toewysing (soos deur die uitvoerende gesag geprioritiseer), uitbreiding van die ouerskapprogram en die vulling van kritieke poste. Die begrotingstoewysing styg daarna tot R1.159 miljard in 2024/25 en R1.189 miljard in 2025/26.

Opsomming van betalings en ramings – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Subprogram R'000	Uitkomsle			Hoofbegroting 2022/23	Aangesuiwerde begroting 2022/23	Hersiene raming 2022/23	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming 2022/23
	Geoudleer 2019/20	Geoudleer 2020/21	Geoudleer 2021/22				2023/24	2024/25	2025/26	
2.1 Bestuur en ondersteuning	506 910	523 989	580 287	588 620	605 510	605 510	649 420	644 562	663 817	7.25
2.2 Dienste vir ouer persone	258 515	268 430	259 544	245 570	246 095	246 095	245 903	256 401	268 462	(0.08)
2.3 Dienste vir persone met gestremdhede	181 690	195 224	198 453	191 733	198 905	198 905	209 210	243 326	240 789	5.18
2.5 Maatskaplike noodleniging	13 705	4 506	12 208	14 217	16 565	16 565	14 761	15 331	16 045	(10.89)
Totale betalings en ramings	960 820	992 149	1 050 492	1 040 140	1 067 075	1 067 075	1 119 294	1 159 620	1 189 113	4.89

Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geoudleer 2019/20	Geoudleer 2020/21	Geoudleer 2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2022/23
Lopende betalings	529 300	531 331	604 074	615 092	636 515	636 515	687 514	683 113	704 228	8.04
Vergoeding van werknemers	457 136	469 275	524 166	529 437	545 404	545 404	568 900	573 032	589 086	4.34
Goedere en dienste	72 164	62 056	72 965	85 655	91 111	91 111	118 614	110 081	115 142	30.19
Oordragte en subsidies aan	410 049	430 612	422 936	396 829	397 178	397 178	400 831	419 164	439 061	0.87
Departementele agentskappe en rekeninge	1	1	3	4	4	4	7	7	7	75.00
Instansies sonder winsbejag	409 233	428 020	416 149	390 862	392 728	392 728	400 348	418 659	438 533	1.94
Huishoudings	815	2 591	6 784	5 963	4 446	4 446	476	498	521	(89.72)
Betalings vir kapitaalbate	21 471	30 206	23 482	28 219	33 382	33 382	30 949	57 343	45 824	(7.29)
Geboue en ander vaste strukture	-	173	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	21 471	30 033	23 482	28 219	33 382	33 382	30 949	57 343	45 824	(7.29)
Betalings vir finansiële bate	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Totaal ekonomiese klassifikasie	960 820	992 149	1 050 492	1 040 140	1 067 075	1 067 075	1 119 294	1 159 620	1 189 113	4.89

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoefte sowel as nasionale en provinsiale prioriteite en provinsiale VIP's soos onder die subprogramme aangetoon.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite vir die duur van die MTUR begelei:

- Implementering van die hofuitspraak met betrekking tot mense met intellektuele gestremdhede, insluitend befondsing van subsidies vir vervoer;
- Voorsiening van addisionele befondsing en uitbreiding van mediese personeel by Sivuyile; en
- Implementering van die projek "Sanitêre waardigheid".

5.2.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
<p>Arm, kwesbare ouer persone lewe aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</p>	<p>Nienakoming van statutêre vereistes van die Wet op Ouer Persone (13/2006). Beperking van die lewering van doeltreffende dienste aan ouer persone, soos om nie toepaslik gekwalifiseerde verpleërs en opgeleide versorgers te hê wat by residensiële fasiliteite werk nie. Gebrek aan optimale gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienslewering weens verlaging van begroting en risiko van OSW's se algehele sluiting. Gebrek aan toereikende kapasiteit vir implementering deur OSW's ten opsigte van die vereistes wat vir norme en standaard gestel is. Impak: Moontlike litigasie teen die Departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Program implementeer planne ooreenkomstig die wet se voorskrifte. ● Jaarlikse vergaderings met belanghebbendes om te verseker dat norme en standaard soos voorgeskryf deur die Wet verstaan en aan voldoen word. ● Lynmonitering van fasiliteite en dienste sowel as implementering van programme, insluitende lessenaarevaluerings en benutting van virtuele platforms. ● Prioritisering van basiese dienste by dienssentrus vir ouer persone.
<p>Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</p>	<p>Beperking op die lewering van doeltreffende dienste aan persone met gestremdhede. Ontoereikende voorsiening van fasiliteite en dienste vir persone met geestesgesondheidsprobleme. Impak: Kan daartoe lei dat die Departement onder druk verkeer om plasing te maak wat dalk onvanpas is. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Gesprekvoering met DvG&W oor lisensiëringskwessies wat betrekking het op residensiële fasiliteite soos fasiliteite vir kinders/volwasse nes met intellektuele gestremdhede.
	<p>Afhanklikheid van intersektorale en intra-sektorale belanghebbendes in die proses om gedeeltelikesorgfasiliteite vir kinders met gestremdhede te registreer. Impak: Nienakoming van wetgewende vereistes. Ongeregistreerde residensiëlesorg- en gedeeltelikesorgfasiliteite.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Voortgesette gesprekvoering met die DvG&W oor lisensiëringsverwante kwessies ten opsigte van kinders met erge en volslae intellektuele gestremdhede ter nakoming van die Wet op Geestesgesondheid. ● Konstante interaksie met DvG&W oor gepaste plasing van en sorg vir persone met geestesgesondheidsprobleme.

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
	<p>Beperkte befondsing vir OSW's wat sorg- en ondersteuningsdienste vir persone met gestremdhede en hul gesinne bied.</p> <p>Impak:</p> <p>Beperkte befondsing vir sorg- en ondersteuningsdienste vir persone met gestremdhede en hul gesinne.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Voorsiening van onontbeerlike dienste vir persone met gestremdhede.
<p>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings</p>	<p>Nienakoming van die vereistes van die Wet op Maatskaplike Hulpverlening ten opsigte van maatskaplike noodleniging en die ondersteunende protokolle en standaardbedryfsprosedure.</p> <p>Verhoogde vraag na humanitêre noodleniging met betrekking tot rampe wat op nasionale, provinsiale en/of distriksvlak verklaar is (bv. COVID-19-pandemie, droogtes, vloede, brande en 'n uitbraak van voëlgriep).</p> <p>Impak:</p> <p>Gekompromitteerde lewensgehalte van kwesbare huishoudings weens 'n gebrek aan toegang tot maatskaplike noodlenigingsvoordele.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Alle verhoudinge met belanghebbendes word bestuur ooreenkomstig die goedgekeurde raamwerk vir die bestuur van belanghebbendes. ● Memorandums van verstandhouding en diensvlak-ooreenkomste met tersaaklike belanghebbendes is in plek om die gehalte van verhoudinge te verbeter en tersaaklike departementele doelwitte te behaal. ● Identifisering en mobilisering van die nieregeringsversorgingsnetwerk ter ondersteuning van humanitêre noodlenigingsagenda.
<p>Jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter</p>	<p>Sekuriteitsverbrekings by bergingsfasiliteit</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Sekuriteitspersoneel word by alle toegangspunte tot die bergingsfasiliteit ontplooi. ● Verifiëring van die goedgekeurde getal kartonne wat vanaf die verskaffer ontvang is en via die koerierdiens versend is. ● Voorraadvlakke word gekontroleer en teen inkomende en versende kartonne sanitêre pakkies geverifieer.

5.3 Program 3: Kinders en Gesinne

Doel van die program

Om in vennootskap met belanghebbendes en organisasies vanuit die burgerlike samelewing omvattende kinder- en gesinsorg- en -ondersteuningsdienste aan gemeenskappe te lewer.

Subprogram 3.1: Bestuur en ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

Subprogram 3.2: Sorg en dienste vir gesinne

Doel van subprogram

Programme en dienste om funksionele gesinne te bevorder en kwesbaarheid in gesinne te verhoed.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Gesinshereniging-dienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne.	3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is. ²²	598	514	602	550	550	550	550
	Gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes is beskikbaar vir volwassenes wat hulle benodig.	3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	1 499	2 031	2 208	2 500	2 398	2 398	2 398
	Gesinsbehoud- en -ondersteuning-dienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne.	3.2.1.3 Getal gesinne wat aan gesinsbehoud- en -ondersteunings-dienste deelneem.	21 034	14 471	19 563	18 000	18 000	18 500	18 550

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is.	550	137	137	137	139
3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	2 398	-	-	-	2 398
3.2.1.3 Getal gesinne wat aan gesinsbehoud- en -ondersteuningsdienste deelneem.	18 000	4 330	4 520	4 520	4 630

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie subprogram fokus op die behoud en versterking van gesinne se welstand. Hierby ingesluit is die bevordering, ondersteuning en bemagtiging van gesinne met 'n behoefte aan sorg; om gesinne te bou wat veerkragtig is en goed binne hulle gemeenskappe funksioneer; en om te verseker dat daar na kinders omgesien word en dat hulle beskerm word. Die subprogram bied ook hereniging- en herintegrasiedienste vir hawelose volwassenes sodat hulle met hul families herenig kan word.

²² Hierdie aanwyser tel die getal volwassenes in DMO-befondsde skuilings vir haweloses wat met hul gesinne herenig word.

Die Witskrif oor Gesinne (2013) beklemtoon die belang van intervensies vir gesinne wat die gesin se welstand bevorder en die familie as 'n eenheid versterk en ondersteun. Sterk gesinne verbeter die lewensbeskouing van individuele gesinslede, en juis daarom ondersteun die subprogram die fokusarea "Kinders en gesinne" soos vervat in die PSP en die Herstelplan se temas "veiligheid en welstand". As deel van sy werk, het die subprogram die implementering van die WKR se strategie vir die versterking van gesinne ondersteun en het meegewerk aan die ontwikkeling van norme en standaarde vir bewysgebaseerde ouerskapprogramme wat gepas is vir die Wes-Kaapse konteks.

Die subprogram voorsien ook onontbeerlike gemeenskapsgebaseerde VVI- en herintegrasiedienste. Hierdie gemeenskapsgebaseerde dienste sluit daaglikse praktiese en terapeutiese dienste (programme oor basiese veiligheid en lewensvaardighede) vir kinders en hul gesinne in via die Rishiha-model. Voorts sal instapsentrums basiese dienste verskaf via dienste wat afgestem is op gesinsbehoud en -hereniging en wat ten doel het om aan kwesbare kinders se emosionele, fisieke en sosiale ontwikkelingsbehoefte te voldoen.

Subprogram 3.3: Kindersorg-en-beskerming

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste wat voorsiening maak vir die ontwikkeling, versorging en beskerming van die regte van kinders.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermd gesinsomgewings.	Pleegsorg-plasings-dienste is beskikbaar vir kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming.	3.3.1.1 Getal kinders in pleegsorg geplaas.	3 478	2 892	3 492	2 936	2 936	3 106	3 106
	Herenigings-dienste word tot die beskikking van geaffekteerde kinders, hul gesinne en alternatiewe versorgers gestel.	3.3.1.2 Getal kinders met hul families of alternatiewe versorgers herenig.	352	238	280	297	119	123	128
	Ouerlike opvoeding- en opleidings-programme is beskikbaar vir geaffekteerde ouers en versorgers.	3.3.1.3 Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidings-programme deurloop het.	3 251	1 972	3 035	3 110	3 110	3 110	3 110

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.3.1.1 Getal kinders in pleegsorg geplaas.	2 936	618	787	796	735
3.3.1.2 Getal kinders met hul families of alternatiewe versorgers herenig.	119	27	29	32	31
3.3.1.3 Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme deurloop het.	3 110	752	816	771	771

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Kindersorg en -beskerming is 'n vername statutêre mandaat van die Departement wat ingevolge die Kinderwet (2005) uitgeoefen word. Die DMO se mandaat is om 'n kontinuum van sorg-, ondersteunings- en beskermingsdienste te bied aan kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming. Sodoende word daar verseker dat hierdie kinders kan gedy deur hul ontwikkeling, welstand en beskerming te ondersteun en te verhoed dat hulle aan risiko's blootgestel word wat hul regte skend.

Aangesien die Departement se wetgewende mandaat in wese by hierdie subprogram berus, het dit ten doel om toe te sien dat die basiese vereistes van die Kinderwet (2005) ten volle geïmplementeer word en om te sorg dat alle statutêre dienste effektief gemonitor word en dat kinders se regte bevorder en beskerm word. Dit stem regstreeks ooreen met Prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTSR: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer." Veerkragtige gesinne, kinders wat goed versorg is en ouers, versorgers en/of voogde wat voldoende toegang tot ondersteuningsdienste het, is die hoeksteen van 'n bemagtigde volk en word as sodanig erken in die PSP se fokusarea "Kinders en gesinne" en in die tema "Welstand" soos vervat in die Herstelplan.

Ooreenkomstig die Kinderwet (2005), is die subprogram se dienste afgestem op voorkoming, vroeë intervensie, hereniging en nasorg asook van 'n statutêre aard. Voorkomende dienste wat ouerlike verantwoordelikhede en regte sowel as openbare opvoeding (met 'n fokus op burgerlike verantwoordelikhede en die plig om kindermishandeling te rapporteer ten einde kindermishandeling, -verwaarloosing en -eksploitasie te verhoed) omvat, sal steeds geprioritiseer word. Vroeë-intervensiedienste soos ontwikkelingsprogramme vir adolessente, teenboeïlie-/geenboeïlie-programme, trauma- en ontvallingsberading en tydelike veilige sorg sal vir kinders wat in gevaar verkeer voorsien word.

Pleegsorgdienste sal versterk word wanneer die bestuursplan vir pleegsorg sowel as artikel 125 van die Kinderwet (2005) ten volle geïmplementeer word, aangesien albei ten doel het om die omkeertyd vir pleegsorgplasinge en -verlengings te verminder. Die doeltreffendheid van hierdie diens is verbeter danksy die webgebaseerde pleegsorgmoniteringstelsel wat die Departement deurentyd van intydse data voorsien oor kinders in pleegsorg en ook die Departement se aandag vestig op pleegsorgbevele wat verstryk het of eersdaags gaan verstryk. Oorgang- en ondersteuningsprogramme sal vir kinders wat alternatiewe sorg verlaat, geïmplementeer word. Norme en standaarde (ter nakoming van die Kinderwet) sal geïmplementeer word by wyse van prestasiemonitering binne die OSW-sektor.

Hierdie subprogram sal voortgaan om opleiding aan maatskaplikedienspraktisyns te bied oor aangeleenthede verwant aan die implementering van die Kinderwet (2005) en dien ook op die provinsiale en streekspaneel wat kindersterftes ondersoek in samewerking met tersaaklike belanghebbendes in die DvG&W, tersiêre onderwysinstansies, SAPD en die Departement van Justisie. Die bewysgebaseerde ouerskapprogram (d.w.s. die "Sinovuyo Caring Families"-program vir ouers en tieners) is in 2022 deur die DMO se maatskaplike werkers geïnisieer en geïmplementeer. In 2023 gaan daar gefokus word op die voortgesette ontplooiing van 'n program wat, ná afloop van 'n toetsprojek, vir die Wes-Kaapse konteks aangepas is. Voorts word daar voorsien dat die verwysingstelsel tussen alle vlakke van kinderbeskermingsdienste (wat bydra tot die proses verwant aan die Derde Kinderwysigingswetsontwerp) versterk sal word.

Subprogram 3.4: VKO- en gedeeltelikesorg

Doel van subprogram

Om omvattende dienste vir vroeëkindontwikkeling te verskaf.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Befondsde naskoolse sorgsentrus.	3.4.1.1 Getal befondsde naskoolse sorgsentrus (NSS).	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	80	80	80

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.4.1.1 Getal befondsde naskoolse sorgsentrus (NSS).	80	-	-	-	80

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die programme en dienste wat by die NSS-sentrus aangebied word, is onontbeerlik vir die positiewe ontwikkeling van die jeug, gesinne en die gemeenskap. Hierdie programme en dienste sluit akademiese, mentor-, voeding- en ontspanningsaktiwiteite in ter bevordering van die sosiale, emosionele, fisieke, kognitiewe en akademiese ontwikkeling van kinders en jeugdige in 'n veilige, gekontroleerde en beskermende omgewing. Voorts registreer die Departement nasorgfasiliteite ooreenkomstig die norme en standaardte vervat in Hoofstuk 5 van die Kinderwet, 38 van 2005.

Subprogram 3.5: Kinder-en-jeugsorgsentrus

Doel van subprogram

Verskaf alternatiewe sorg en ondersteuning vir kwesbare kinders.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Residensiële sorg-dienste is beskikbaar vir kinders wat 'n behoefte aan alternatiewe sorg het.	3.5.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in befondsde KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	2 288	2 288	2 288
		3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	690	620	619	500	450	450	450

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens	K1	K2	K3	K4
3.5.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in befondsde KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	2 288	2 288	2 288	2 288	2 288
3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	450	300	50	50	50

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie subprogram verseker die Departement se uitvoering van sy statutêre verpligting rakende die voorsiening van alternatiewe sorg en ondersteuningsprogramme vir kwesbare kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming, soos per die Kinderwet (artikel 191), deur hierdie kinders van 'n veilige omgewing binne residensiële fasiliteite en toegang tot 'n kontinuum van sorg te voorsien ter voldoening aan hul individuele behoeftes. Dit is in ooreenstemming met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", sowel as die WKR-herstelplan se veiligheid- en welstandtema.

Die subprogram fokus daarop om te verseker dat kinders met 'n behoefte aan sorg en beskermingsdienste voorsien word van 'n model saamgestel uit multi-program- en gespesialiseerde dienste met gepaste ontwikkelingsgerigte, terapeutiese en rekreasie-intervensies sodat hulle op die lange duur met hul gesinne en gemeenskappe herenig kan word. Ooreenkomstig norme en standaarde, word hierdie programme en dienste deur departementele KJSS'e aangebied met behulp van strategies gesentraliseerde ondersteunings-, assesserings-, opleidings- en gehalteversekeringsprosesse met die gelyklopende registrasie en herregistrasie van alle KJSS'e in die provinsie. Doeltreffende gesentraliseerde plasingbestuur en aansoeksiffling van alle kinders in residensiële alternatiewe sorg is in plek en word in stand gehou om opname in die regte program te verseker. Voorts het die daarstelling van 'n interdepartementele taakspan vir kinders met gedragsuitdagings weens psigiatrisse behoeftes geblyk van groot waarde te wees in die ontwikkeling van meer doeltreffende individuele ontwikkelingsplanne vir kinders.

Ter nakoming van die NAWONGO-hofuitspraak het die Departement 'n inkrementele fondsverhoging geïmplementeer vir befondsde OSW's wat kinders met gestremdhede akkommodeer ter versterking van hul vermoë om die behoeftes van kinders met gestremdhede te akkommodeer.

Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde Sorgdienste vir Kinders

Doel van subprogram

Verskaf beskerming, sorg en ondersteuning aan kwesbare kinders in gemeenskappe.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesins-omgewings.	Befondsde geïntegreerde Risiha-program-implementeringsterreine.	3.6.1.1 Getal befondsde geïntegreerde Risiha-program-implementeringsterreine.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	26	26	26

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens	K1	K2	K3	K4
3.6.1.1 Getal befondsde geïntegreerde Risiha-program-implementeringsterreine.	26	-	-	-	26

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Dié subprogram fokus daarop om te verseker dat gemeenskapsgebaseerde sorg-en-beskerming-intervensiedienste vir kwesbare kinders gebied word deur opgeleide kinder-en-jeugsorgwerkers wat uit dieselfde gemeenskappe gewerf is as dié waarin kwesbare kinders en gesinne woon. Die opgeleide kinder-en-jeugsorgwerkers sal fokus op die implementering van gemeenskapsgebaseerde VVI-programme, gesinsbevordering, terapeutiese programme, herintegrasie, bemiddeling en gesinsbehouddienste.

Die program se intervensies is in ooreenstemming met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te bied", wat ooreenstem met die Herstelplan se veiligheidstema, deur ontwikkelingsgerigte sorg en ondersteuning aan kwesbare kinders en gesinne te bied.

5.3.1 Program se hulpbronnorewegings

Die styging van R28.057 miljoen of 6.18 persent vanaf die hersiene raming van R454.019 miljoen in 2022/23 tot R482.076 miljoen in 2023/24 is weens die addisionele befondsing wat vir kinderbeskermdienste ontvang is vir die opleiding van beveiligingsouers vir gestremde kinders, die voorsetting van opleiding vir KJSS-hulpwerkers, subsidies vir bedspasie in OSW-KJSS'e en die uitbreiding van ouerskapprogramme. Die begrotingstoewysing styg daarna tot R475.384 miljoen in 2024/25 en R499.705 miljoen in 2025/26.

Opsomming van betalings en ramings – Program 3: Kinders en Gesinne

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geouditeer 2019/20	Geouditeer 2020/21	Geouditeer 2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2022/23
3.1 Bestuur en ondersteuning	2 434	2 657	4 533	5 125	4 979	4 979	4 500	4 556	4 779	(9.62)
3.2 Sorg en dienste vir gesinne	49 779	55 684	106 385	105 608	107 020	108 666	116 801	115 653	121 846	7.49
3.3 Kindersorg-en-beskerming	228 864	235 220	222 419	210 571	210 842	210 842	222 458	220 835	234 372	5.51
3.4 VKO en gedeeltelike sorg	15 248	16 147	411 663	15 384	19 520	17 874	18 472	19 282	20 975	3.35
3.5 Kinder-en-jeugsorgsentrus	105 893	108 657	108 658	111 658	111 658	111 658	119 845	115 058	117 733	7.33
3.6 Gemeenskapsgebaseerde sorgdienste vir kinders	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Totale betalings en ramings	402 218	418 365	853 658	448 346	454 019	454 019	482 076	475 384	499 705	6.18

Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 3: Kinders en Gesinne

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geouditeer 2019/20	Geouditeer 2020/21	Geouditeer 2021/22	2022/23	2022/23	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2022/23
Lopende betalings	15 806	14 879	54 039	19 708	23 482	23 482	23 376	23 693	24 851	(0.45)
Vergoeding van werknemers	14 993	14 745	38 914	18 573	22 694	22 694	22 221	22 487	23 589	(2.08)
Goedere en dienste	813	134	15 125	1 135	788	788	1 155	1 206	1 262	46.57
Oordragte en subsidies aan	386 406	403 232	799 238	428 119	430 220	430 220	458 700	451 691	474 854	6.62
Departementele agentskappe en rekeninge	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Instansies sonder winsbejag	379 228	396 107	790 713	418 255	418 215	418 710	445 836	438 373	460 062	6.48
Huishoudings	7 178	7 125	8 525	9 864	12 005	11 510	12 864	13 318	14 792	11.76
Betalings vir kapitaalbates	6	254	381	519	317	317	-	-	-	(100.00)
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	6	254	381	519	317	317	-	-	-	(100.00)
Betalings vir finansiële bates	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Totaal ekonomiese klassifikasie	402 218	418 365	853 658	448 346	454 019	454 019	482 076	475 384	499 705	6.18

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoefte sowel as nasionale en provinsiale prioriteite en provinsiale VIP's soos onder die subprogramme aangetoon.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite vir die duur van die MTUR begelei:

- Bespoediging van die implementering van die pleegsorgbestuursprogram (die werwing, opleiding en ondersteuning van pleegsorg- en beveiligingsouers) en die ontwikkeling van innoverende maniere om werk te maak van die agterstand in pleegsorg; en
- Die opgradering van infrastruktuur by die DMO se veiligheidsentrums om voorsiening te maak vir die verhoogde aantal bedspasies.

5.3.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	<p>Nienakoming van statutêre vereistes van die Kinderwet (38/2005)</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen die Departement.</p> <p>Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Program implementeer planne ooreenkomstig Wet se voorskrifte. ● Kwartaallikse/tweejaarlikse vergaderings met belanghebbendes om te verseker dat norme en standaarde, soos voorgeskryf deur die Wet, verstaan en aan voldoen word. ● Lynmonitering van fasiliteite en dienste en programimplementering. ● Implementering van M&E-lynmonitering van die gehalte van fasiliteite en dienste en programimplementering, met die insluiting van lessenaarevaluerings en die gebruik van virtuele platforms sowel as fisieke vergaderings. ● Pas gehalteversekering as SOP toe om OSW-nakoming te verbeter. ● Versterk koördinerende oorsigrol van die Provinsiale Kinder- en Gesinsforum. ● Sakekontinuiteitsplanne is in plek.
	<p>Ongeregistreerde residensiële NSS-fasiliteite</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen die Departement.</p> <p>Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Implementering van gepaste diensleweringverbeterings, bv. sentralisering van die registrasie van NSS-fasiliteite. ● Versterk gemeenskapgebaseerde intervensies en ondersteun plasings in gestruktureerde fasiliteite.
	<p>Afhanklikheid van intersektorale belanghebbendes in die proses om fasiliteite te registreer</p> <p>Impak: Ongeregistreerde residensiële NSS-fasiliteite.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Gesprekke met provinsiale en plaaslike regering om die NSS-registrasieproses te verbeter. ● Nieu medewerking met en monitering van maatskaplikediensorganisasies wat kapasiteitsboudienste bied ten einde registrasie van NSS'e te verseker.

5.4 Program 4: Herstellende dienste

Doel van die program

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte dienste aan die kwesbaarste persone om maatskaplike misdaad en middelgebruikversteuring te verhoed in vennootskap met belanghebbendes en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

Subprogram 4.1: Bestuur en ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en ondersteuning

Doel van subprogram

Ontwikkel en implementeer programme om maatskaplike misdaad te verhoed en verskaf proefdienste wat afgestem is op kinder-, jeug- en volwasse oortreders en slagoffers binne die strafregproses.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Afwentelingsprogramme is beskikbaar vir volwassenes wat met die gereg bots.	4.2.1.1 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	12 976	4 728	8 080	5 787	5 448	5 868	5 868
		4.2.1.2 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	8 214	3 345	5 413	5 068	3 857	4 017	4 017
Kinders en jeug in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.	Afwentelingsprogramme is beskikbaar vir kinders wat met die gereg bots.	4.2.1.3 Getal kinders wat met die gereg bots, geëvalueer.	6 388	3 992	4 744	3 650	3 650	4 210	4 210
		4.2.1.4 Getal kinders wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	1 772	767	981	980	850	870	880
		4.2.1.5 Getal kinders wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	1 220	387	625	813	794	801	801

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en jeug in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk	Geregistreerde residensiële fasiliteite wat aan die Wet op Kindergeregtigheid voldoen, is beskikbaar vir kinders wat verhoorafwagend en gevonn is.	4.2.1.6 Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid tot veilige sorg in KJSS'e gevonn is.	162	130	115	110	100	100	100
		4.2.1.7 Getal kinders wat weens 'n botsing met die gereg verhoorafwagend is in beveiligde sorgsentrums (KJSS'e) geplaas ooreenkomstig die Wet op Kindergeregtigheid.	1 201	836	832	850	750	750	750
	Kinders wat in gevaar verkeer word van gepaste intervensies voorsien.	4.2.1.8 Getal kinders in gevaar wat geïdentifiseer, geëvalueer en vir intervensies deur DMO se maatskaplike werkers opgevolg is.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	3 198	3 431	3 661

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.2.1.1 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	5 448	1 300	1 320	1 434	1 394
4.2.1.2 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	3 857	980	990	948	939
4.2.1.3 Getal kinders wat met die gereg bots, geëvalueer.	3 650	912	913	938	887
4.2.1.4 Getal kinders wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	850	212	230	211	197
4.2.1.5 Getal kinders wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	794	201	207	203	183
4.2.1.6 Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid tot veilige sorg in KJSS'e gevonn is.	100	70	10	10	10
4.2.1.7 Getal kinders wat weens 'n botsing met die gereg verhoorafwagend is in beveiligde sorgsentrums (KJSS'e) geplaas ooreenkomstig die Wet op Kindergeregtigheid.	750	300	150	150	150
4.2.1.8 Getal kinders in gevaar wat geïdentifiseer, geëvalueer en vir intervensies deur DMO se maatskaplike werkers opgevolg is.	3 198	790	817	786	805

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die subprogram adresseer terugvalle en die kwesbaarheid van kinders, jeugdige en volwassenes wat in gevaar verkeer of met die gereg bots. Die doel is om hierdie kinders, jeugdige en volwassenes weg te lei van misdaad en geweld deur dienste te verskaf wat tot hul veerkragtigheid en positiewe ontwikkeling sal bydra.

Die subprogram word gereël deur die Wet op Kindergeregtigheid (2008, soos gewysig), die Wysigingswet op Proefdienste (2002, soos gewysig), die Kinderwet (2005) en die Regulasies met betrekking tot die Registrasie van 'n Spesialiteit in Proefdienste wat ingevolge die Suid-Afrikaanse Wet op Maatskaplikediensberoepe (1978) gemandateer is om hierdie dienste te lewer. Die subprogram is dus in ooreenstemming met Prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024 deurdat dit die maatskaplike beskerming van kinders behartig. Deur gestruktureerde, holistiese intervensies te verskaf, dra die dienste wat deur hierdie program aangebied word regstreeks by tot die fokusarea "jeug in gevaar" soos verwoord in die Herstelplan se veiligheidsprioriteit. In hierdie opsig stem die dienste dus ook ooreen met die veiligheidsplan se prioriteite om gesinne en gemeenskappe in gevaar te ondersteun en om jeugdige in gevaar te identifiseer en te ondersteun.

Die subprogram fokus op die verskaffing van psigososiale, terapeutiese en statutêre ondersteuningsintervensies wat die maatskaplike integrasie, beskerming en ontwikkeling van kinders, jeugdige en volwassenes wat met die gereg bots, fasiliteer. Hierby ingesluit is voorkoming en vroeë intervensies bestaande uit versterkings-, bemagtigings-, ondersteunings- en kapasiteitsbouprogramme. Statutêre intervensies sluit die verskaffing van ontwikkelingsgerigte assesserings-, afwentelings- en proefdiensprogramme in ten einde die fisieke, psigiese en emosionele welstand van deelnemers te bevorder. Residensiële veiligesorprogramme by die DMO se eie en befondsde KJSS'e fokus op die versorging, ontwikkeling en ondersteuning van kinders en jeugdige wat met die gereg bots. Voorts, ná afloop van gemeenskapsgebaseerde en/of residensiële programme, word persone wat met die gereg bots van 'n reeks herenigings- en nasorgintervensies voorsien wat daarop afgestem is om doeltreffende gesins- en gemeenskapshereniging en -stabilisering te bewerkstellig.

Subprogram 4.3: Slagofferbemagtiging

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste om slagoffers van geweld en misdaad, veral vroue en kinders, te ondersteun, te versorg en te bemagtig.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings	Psigososiale ondersteuningsdienste is beskikbaar vir slagoffers van misdaad en geweld.	4.3.1.1 Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry. ²³	23 672	17 933	21 878	18 525	18 525	18 735	18 955
		4.3.1.2 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang tot slagofferondersteuningsdienste verkry. ²³	N.V.T.	588	677	600	600	600	600
	Maatskaplike dienste is beskikbaar vir slagoffers van mensehandel.	4.3.1.3 Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang tot skuilingsdienste verkry het.	N.V.T.	13	13	20	15	18	20
	Verskaffing van veilige huisvesting aan slagoffers van misdaad en geweld.	4.3.1.4 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot befondsde slagofferbemagtigingskuiilings. ²⁴	N.V.T.	1 963	1 903	1 900	1 900	1 950	1 980

²³ Hierdie aanwysers vind aansluiting by die MTSR-aanwyser "Persentasietoename in die getal slagoffers van misdaad teen vroue wat toegang tot psigososiale ondersteuning verkry".

²⁴ Herbenoem van "Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot skuilingsdienste in befondsde slagofferbemagtigingsprogram-dienssentrus".

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaalike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.3.1.1 Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry.	18 525	4 647	4 635	4 645	4 598
4.3.1.2 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang tot slagofferondersteuningsdienste verkry.	600	150	150	150	150
4.3.1.3 Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang tot skuilingsdienste verkry het.	15	-	-	-	15
4.3.1.4 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang verkry tot befondsde slagoffer-bemagtigingskuilings.	1 900	580	440	440	440

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die subprogram fokus daarop om dienste te lewer aan volwasse slagoffers van gesinsgeweld, seksuele misdrywe en mensehandel. Intersektorale medewerking en opleiding van die Departemente van Justisie, Misdadvoorkoming en Sekuriteit oor slagoffergebaseerde en -bemagtigingsdienste is allerbelangrik om die versorging en beskerming van kwesbare groepe, veral vroue en kinders, te versterk.

Soos bepaal in die Wet op Gesinsgeweld (2021 soos gewysig), Wet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede (2021 soos gewysig) en die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (2013), bied die subprogram 'n kernpakket van maatskaplikewelsynintervensies. Hierby ingesluit is slagofferbemagtigingsdienste wat onontbeerlik is in die stryd teen GGG en ooreenstem met die NSP oor GGGVM (2020). Voorts stem hierdie dienste ooreen met Prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", veral die uitkomste wat handel oor 'n "Hervormde maatskaplikewelsynsektor en -dienste". Hierdie program ondersteun voorts intervensies vervat in die Herstelplan wat betrekking het op die temas veiligheid en welstand deur ondersteuningsdienste vir slagoffers van geweld te bied.

Dienste wat deur hierdie subprogram verskaf word, sluit in:

- Die befondsing van skuilings en diensorganisasies en verbetering van die gehalte van dienste deur die verskaffing van ondersteuning ten einde voldoening aan die tersaaklike norme en standaarde vir dienslewering moontlik te maak;
- Implementering van 'n verbeterde pakket langtermyn- psigososiale-sorgdienste vir slagoffers van seksuele geweld by TSS'e en geïdentifiseerde forensiese eenhede, met insluiting van 'n hersiening van die verwysingstelsel vir slagoffers sodat hulle toegang tot langtermyn-traumaberading kan verkry;
- Fasilitering van die voorsiening van terapeutiese intervensies en vaardigheidsontwikkelingsprogramme en tweedestadium-huisvesting vir inwoners van skuilings om die ekonomiese ontwikkeling van die oorwegend vroulike slagoffers en hul kinders moontlik te maak; en
- Voorsiening van voorkomende en rehabiliterende intervensies vir slagoffers van mensehandel ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013).

Die Departement plaas ook klem op die voorkoming van geweld teen vroue en kinders. Programme en intervensies wat op mans afgestem is om gesonde manlikheid as 'n integrale deel van GGG-intervensies te bevorder, sal dienooreenkomstig versterk word.

Subprogram 4.4: Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir middelmisbruik, voorkoming, behandeling en rehabilitasie.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Befondsde binnepasiëntbehandelingsdienste is beskikbaar.	4.4.1.1 Getal gebruikers van dienste wat binnepasiënt-behandelings dienste by DMO se eie behandelingsentrums sowel as DMO-KJSS'e voltooi het. ²⁵	1 300	692	922	1 126	440	440	440
		4.4.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in befondsde binnepasiënt-behandelingsentrums. ²⁵	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	Nuwe Aanwyser	687	687	687
	Gemeenskaps gebaseerde behandelingsdienste vir middelgebruikversteuring is beskikbaar.	4.4.1.3 Getal gebruikers van dienste wat toegang tot gemeenskaps-gebaseerde behandelings dienste vir middelgebruik versteuring verkry het. ²⁵	2 961	2 100	3 141	2 500	2 500	2 500	2 500
	Vroeë-intervensie vir middelgebruikversteuring is beskikbaar.	4.4.1.4 Getal diensgebruikers wat vroeë-intervensiedienste vir middelgebruik versteuring ontvang het. ²⁶	6 373	4 320	6 081	4 042	4 042	4 092	4 092
	Nasorg- en herintegrasiedienste vir middelgebruik versteuring is beskikbaar.	4.4.1.5 Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiedienste vir middelgebruik versteuring ontvang het. ²⁷	1 821	1 595	1 816	1 282	1 282	1 282	1 286

²⁵ Hierdie aanwysers word gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Versterk voorkomende en responsiewe intervensies vir middelmisbruik".

²⁶ Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTUR-aanwyser "Persentasie persone wat toegang tot voorkomingsprogramme verkry".

²⁷ Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTUR-aanwyser "Getal slagoffers van middelmisbruik wat toegang tot ondersteuningsprogramme verkry".

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens	K1	K2	K3	K4
4.4.1.1 Getal gebruikers van dienste wat binnepasiënt-behandelingsdienste by DMO se eie behandelingsentrums sowel as DMO-KJSS'e voltooi het.	440	110	110	110	110
4.4.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in befondsde binnepasiënt-behandelingsentrums.	687	687	687	687	687
4.4.1.3 Getal gebruikers van dienste wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste vir middelgebruikversteuring verkry het.	2 500	625	625	625	625
4.4.1.4 Getal diensgebruikers wat vroeë-intervensiedienste vir middelgebruikversteuring ontvang het.	4 042	989	1 017	1 038	998
4.4.1.5 Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiedienste vir middelgebruikversteuring ontvang het.	1 282	319	324	324	315

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Om te verseker dat kinders en gesinne veilig is en in beskermende omgewings woon, maak die Departement toegang tot MGV-dienste in gebiede met die grootste behoefte moontlik. Hierdie dienste fokus op die behoeftes van die kliënt en sluit VVI in om afhanklikheid hok te slaan sowel as behandeling van diegene wat in nood verkeer, hetsy op 'n gemeenskapsgebaseerde of binnepasiëntvlak. Voorts is nasorgdienste beskikbaar om doeltreffende herintegrasie in die samelewing te verseker.

Die Departement is deur die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (2008) gemandateer om intersektorale strategieë te ontwikkel en te implementeer wat daarop gemik is om die leed wat deur middelmisbruik veroorsaak word, te verminder. Dit stem ooreen met Prioriteit 4 van die hersiene MTSR 2019-2024, sowel as die vierde uitgawe van die Nasionale Dwelmeesterplan (2019-2024). Voorts fokus die subprogram daarop om te verseker dat toegang tot dienste verwant aan middelmisbruik wat tot individue, gesinne en gemeenskappe se beskikking is, aanklank vind by die veiligheid- en welstandtema van die Herstelplan.

Die Departement sal voortgaan om te fokus op voorkomende, vroeëintervensie-, gemeenskapsgebaseerde behandelings-, nasorg- en herintegrasiedienste. Hierdie intervensies sal onderling op 'n geïntegreerde en gekoördineerde wyse bestuur word tussen die onderskeie regeringsdepartemente en gemeenskapsgebaseerde entiteite wat met die voorkoming en behandeling van middelgebruikversteurings te kampe het.

Die Departement sal die registrasie van behandelingsfasiliteite verseker sowel as dat terapeutiese intervensies aan die minimum norme en standaarde, soos voorgeskryf in die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (2008), voldoen. Die oogmerk is ook om die kapasiteit van die DMO se eie dienste op gespesialiseerde terreine soos die behandeling van MGV en gemeenskapsgebaseerde response uit te brei ten einde die beskikbaarheid en toeganklikheid van voorkomings- en behandelingsprogramme van gehalte op gemeenskapsvlak te verseker. Skoolgebaseerde programme bied ook 'n toegangspunt vir die implementering van VVI-programme vir leerders in die provinsie se hoërisiko-areas. Voorts sal die subprogram voortgaan om MGV-opleiding vir maatskaplike werkers en maatskaplikehulpwerkers by GGG-skuilings vir volwassenes aan te bied.

5.4.1 Program se hulpbronnorewegings

Die styging van R30.089 miljoen of 6.23 persent vanaf die hersiene raming van R482.737 miljoen in 2022/23 tot R512.826 miljoen in 2023/24 is weens die addisionele toewysings vir brandstofvoorrade in reaksie op beurtkrag, die "Face of Government"-toewysing (soos geprioritiseer deur die uitvoerende gesag) en vir kinderbeskermingsdienste met die oog op voortgesette opleiding van hulpwerkers by KJSS'e. Die begrotingstoewysing styg daarna tot R520.529 miljoen in 2024/25 en R547.894 miljoen in 2025/26.

Opsomming van betalings en ramings – Program 4: Herstellende dienste

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoof-begroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% Verandering vanaf hersiene raming
	Geoudleer 2019/20	Geoudleer 2020/21	Geoudleer 2021/22				2022/23	2023/24	2024/25	
4.1 Bestuur en ondersteuning	3 949	3 578	5 612	5 631	5,954	5 954	5 668	5 746	6 026	(4.80)
4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning	262 679	272 222	283 376	292 523	297,735	297 735	321 433	324 696	341 257	7.96
4.3 Slagoffer-bemagtiging	50 472	63 860	66 495	67 608	68,245	68 245	76 852	78 556	82 953	12.61
4.4 Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	102 987	100 757	110 910	103 017	110,803	110 803	108 873	111 531	117 658	(1.74)
Totale betalings en ramings	420 087	440 417	466 393	468 779	482,737	482 737	512 826	520 529	547 894	6.23

Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 4: Herstellende dienste

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoof-begroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geoudleer 2019/20	Geoudleer 2020/21	Geoudleer 2021/22				2022/23	2023/24	2024/25	
Lopende betalings	291 212	298 288	316 827	328 500	338 660	338 517	359 034	363 786	381 327	6.06
Vergoeding van werknemers	192 763	224 513	242 877	246 228	259 910	259 767	267 927	271 143	284 428	3.14
Goedere en dienste	98 449	73 775	73 950	82 272	78 750	78 750	91 107	92 643	96 899	15.69
Oordragte en subsidies aan	124 118	136 307	142 052	132 360	136 749	136 892	145 099	147 649	157 054	6.00
Departementele agentskappe en rekeninge	12	14	27	22	22	22	25	26	27	13.64
Instansies sonder winsbejag	123 329	135 238	139 537	131 545	135 324	135 324	144 525	147 049	156 426	6.80
Huishoudings	777	1 055	2 488	793	1 403	1 546	549	574	601	(64.49)
Betalings vir kapitaalbaties	4 757	5 822	7 514	7 919	7 328	7 328	8 693	9 094	9 513	18.63
Geboue en ander vaste strukture	-	57	153	65	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	4 757	5 765	7 361	7 919	7 328	7 328	8 693	9 094	9 513	18.63
Betalings vir finansiële baties	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Totaal ekonomiese klassifikasie	420 087	440 417	466 393	468 779	482 737	482 737	512 826	520 529	547 894	6.23

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoefte sowel as nasionale en provinsiale prioriteite en provinsiale VIP's soos onder die subprogramme aangetoon.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite vir die duur van die MTUR begelei:

- 'n Fokus op departementele prioriteite;
- Handhawing van werksaamhede by die 26 GGG-skuilings vir mishandelde vroue (SBP);
- Verhoging van subsidie vir bedspasie in skuilings vir mishandelde vroue (SBP);
- Addisionele infrastruktuur (slaapsaal) by Clanwilliam deur tekortkominge uit die weg te ruim en die instandhouding en operasionalisering daarvan; en
- Vulling van geprioritiseerde poste by veiligheidsfasiliteite.

5.4.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
<p>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings</p>	<p>Nienakoming van die statutêre vereistes van die Wet op Kinderegeregtheid (75/2008) en die Wysigingswet op Proefdienste (35/2002) sowel as die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013).</p> <p>Behandeling vir Middelmisbruik, Wet 70 van 2008 met betrekking tot die verpligting om behandelingsopsies te registreer.</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen die Departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Program implementeer planne ooreenkomstig die wet se voorskrifte. ● Kwartaallike/tweejaarlike vergaderings met belanghebbendes om te verseker dat norme en standaarde, soos voorgeskryf deur die Wet, verstaan en aan voldoen word. ● Lynmonitering van programimplementering. ● Implementering van die SBP vir M&E en gehalteversekering om OSW-nakoming te verbeter. ● Implementering van deurlopende nakomingsmonitering by geregistreerde binnepasiëntbehandelingsentrums in die provinsie. ● Sentrale toelatingsproses vir plasing van alle kinders in gevaar. ● Versterk gemeenskapgebaseerde intervensies en ondersteun plasing in plaas van gestruktureerde fasiliteite. ● Versterk vroeë-intervensie- en voorkomingsdienste. ● Volg 'n interregeringsbenadering om ondersoek in te stel na ongeregistreerde behandelingsopsies.
<p>Kinders en jeug in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk</p>	<p>Nienakoming van die statutêre vereistes van die Wet op Kinderegeregtheid en die Wysigingswet op Proefdienste (35/2002).</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen die Departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Program implementeer planne ooreenkomstig die wet se voorskrifte. ● Kwartaallike/tweejaarlike vergaderings met belanghebbendes om te verseker dat norme en standaarde, soos voorgeskryf deur die Wet, verstaan en aan voldoen word. ● Lynmonitering van programimplementering, met insluiting van lessenaarevaluerings en die gebruik van virtuele platforms ● Implementering van gepaste verbeterings aan dienslewering, bv. sentralisering van toelating tot kinder- en jeugsorgfasiliteite. ● Verskaffing van hulp en ondersteuning aan befondsde organisasies en OSW-hulpkantoor vir die ontwikkeling en implementering van protokolle en veiligheidsmaatreëls om die verspreiding van oordraagbare siektes by plekke en sentrums waar dienste gelewer word, te verhoed.

5.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

Doel van die program

Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

Subprogram 5.1: Bestuur en ondersteuning

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

Subprogram 5.2: Gemeenskapsmobilisering

Doel van subprogram

Bou veilige en volhoubare gemeenskappe deur sterk gemeenskapsnetwerke te skep, gegrond op die beginsels van vertroue en respek vir plaaslike diversiteit, en koester 'n samehorigheidsgevoel onder en vertroue in plaaslike mense.

Hierdie intervensies word dwarsliggend binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.3: Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's

Doel van subprogram

Om OSW-registrasie en nakomingsmonitering te ondersteun, met OSW-belanghebbendes te skakel en te kommunikeer, institusionele kapasiteitsbou te verskaf, OSW-befondsing en -monitering te bestuur en 'n omgewing te skep waarbinne alle OSW's kan floreer.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	OSW's is gekapasiteer.	5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer.	848	330	569	393	693	838	868
	OSW's word met registrasie gehelp.	5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie gehelp.	1 552	701	1 727	798	798	798	798

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer.	693	173	176	175	169
5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie gehelp.	798	200	200	200	198

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die subprogram sal steeds op die versterking van die OSW-sektor fokus met die oog daarop om organisatoriese funksionering te verbeter en goeie bestuurspraktyke te bevorder. Ter ondersteuning van hierdie OSW's, word 'n holistiese benadering gevolg wat op wetgewing en nakomingsaangeleenthede ingevolge die OSW-wet (1997) fokus. Hierdie benadering maak voorsiening vir omvattende opleiding wat daarop gerig is om OSW's se volhoubaarheid te versterk deur hul bevoegdthede ten opsigte van bestuur, aanspreeklikheid en deursigtigheid te verbeter.

Die doelwit van die subprogram stem direk ooreen met die WKR se benadering dat mense bemagtig moet word deur vennootskappe te bou ten einde medewerking en inligtingsgedrewe koördinerende te verbeter. Hierdie is 'n burgergedrewe benadering wat daarop fokus om gesprekvoering en medewerking met burgers te versterk.

Deur die DMO se OSW-hulpkantoor sal OSW's gehelp word met registrasie ooreenkomstig die OSW-wet en van OSW-bestuursbeheer- en funksionaliteitsopleiding voorsien word. Voorts sal organisasies wat in gevaar verkeer van hulp voorsien word om hul stelsels, bestuursbeheer en vermoëns te verbeter. Kapasiteitsbousessies sal met amptenare vanuit die openbare sektor gehou word ter versterking en kapasitering van hierdie amptenare en om hulle in staat te stel om die funksionering en veerkragtigheid van die OSW-sektor te ondersteun. Deur OSW's in landelike gebiede te teiken vir opleidingsintervensies, het die OSW-hulpkantoor en ondersteuningsnetwerk op plaaslike vlak ten doel om die hoë vlakke van nienakoming in die OSW-sektor te verlaag en die volhoubaarheid van OSW's moontlik te maak. Benewens die dienste wat by die instapsentrum aangebied word, sal die subprogram voortgaan om aanlyn platforms en telekommunikasie te benut om dienste aan die OSW-sektor te versterk.

Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare bestaansmiddele

Doel van subprogram

Bestuur die programme maatskaplike fasilitering en armoedeverligting vir volhoubare lewensmiddele (met inbegrip van UOWP).

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Kwesbare mense het voedingsondersteuning en werkseleenthede	Kwesbare mense ontvang daaglikse maaltye.	5.4.1.1 Getal kwesbare mense wat van gesubsidieerde maaltye voorsien is. ²⁸	6 092	14 685	13 102	9 620	9 620	9 620	9 620
	UOWP-werkseleenthede	5.4.1.2 Getal UOWP-werkseleenthede geskep. ²⁹	1 441	- ³⁰	2 123	1 886	780	780	780

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaalike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.4.1.1 Getal kwesbare mense wat van gesubsidieerde maaltye voorsien is.	9 620	9 620	9 620	9 620	9 620
5.4.1.2 Getal UOWP-werkseleenthede geskep.	780	780	780	780	780

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die subprogram sal voortgaan om geteikende voedingsprogramme aan kwalifiserende begunstigdes te bied. Hierdie programme het ten doel om maatskaplike inklusie en armoedeverligting te bevorder deur voedings- en vaardigheidontwikkelingsondersteuning te bied aan individue en huishoudings wat voedselonsekerheid en wanvoeding ervaar wat buite die geïntegreerde voedingsprogram van die DvG&W val. Voorts sal tydelike werkseleenthede steeds via die UOWP binne die maatskaplike sektor geskep word, verval vir die jeug, vroue en persone met gestremdhede.

Die subprogram het ten doel om 'n koesterende, ondersteunende en veilige omgewing te skep, met toegang tot werkseleenthede vir gesinne sodat hulle kan floreer en omstandighede vir 'n gesonde leefstyl kan ontwikkel. Verbetering van die algehele gesondheid en welstand stem direk

²⁸ Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Persentasie individue vatbaar vir honger wat toegang tot voedsel kry via voedsel- en voedingsekerheidsinisiatiewe".

²⁹ Hierdie aanwysers word gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal UOWP-werkseleenthede geskep deur DMO-programme".

³⁰ Aanwyser nie in JPP gedurende die 2020/21-boekjaar gerapporteer nie: Prestasies gemeet teen en via die UOWP se nasionale verslagdoeningstelsel soos gerapporteer.

ooreen met Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer" van die hersiene MTSR 2019-2024 en die welstandtema van die Herstelplan. Hierdie subprogram sal ook daarop fokus om geteikende groepe te bemagtig en toe te rus om sodoende by te dra tot die behaling van die voorgestelde impak: "Om alle inwoners van die Wes-Kaap van geleenthede te voorsien om die verloop van hul lewens te bepaal, waar hulle in staat gestel word om 'n lewe te lei wat waardig en betekenisvol is en gelyktydig by te dra tot die vooruitgang en welstand van die samelewing."

Die Departement se voedingvoetspoor sal gehandhaaf word deur die 92 GVOS'e en 20 voedselverspreidingspunte oral in die provinsie, wat verder ondersteun word deur 512 gemeenskapskombuise. Die GVOS'e sal gekookte maaltye en ontwikkelingsgerigte programmatiese intervensies (soos kennisuitruiling, onderrig, opleiding en vaardigheidsontwikkeling) aan kwesbare begunstigdes bied. Hierdie benadering het ten doel om volhoubare lewensmiddele te skep deur begunstigdes te voed en hul welstand te verbeter. In reaksie op die stygende vraag na voedselondersteuning sal die subprogram sy voetspoor vergroot deur middel van ondersteuning vanaf gemeenskapsgebaseerde kombuise, veral in landelike gebiede en waar geen formele GVOS'e teenwoordig is nie.

Om die skep van volhoubare lewensmiddele verder te ondersteun en sodoende werk te maak van ongelykheid, armoede en werkloosheid sal die Departement voortgaan om korttermyn-werkseleenthede via die UOWP te skep. Hierdie proses sal 'n programmatiese benadering volg waarvolgens 'n bemagtigende omgewing geskep word deur 'n weg vir toegang tot geleenthede te baan en sodoende armoede te verlig en maatskaplike inklusie te bevorder.

Subprogram 5.5: Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning

Doel van subprogram

Om aan gemeenskappe die geleentheid te bied om van die lewe en omstandighede binne hulle lokaliteit en die vraagstukke waarvoor gemeenskappe te staan kom, te leer sodat hul sterkpunte en bates ingespan kan word om uitdagings die hoof te bied.

Hierdie intervensies word dwarsliggend binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling

Doel van subprogram

Om 'n omgewing te skep wat jongmense help om konstruktiewe, bevestigende en volhoubare verhoudings te ontwikkel onderwyl hulle tegelyk geleenthede gebied word wat hulle help om hul bevoegdheids uit te bou en die vaardighede te ontwikkel wat nodig is om as vennote by hul eie ontwikkeling en dié van hul gemeenskappe betrokke te raak.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.	Vaardigheidsontwikkelingsprogramme is beskikbaar vir die jeug	5.6.1.1 Getal jeugdige wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem	16 315	12 229	12 615	10 000	10 000	10 000	10 000
	Befondsde Jeugkafees is operasioneel	5.6.1.2 Getal befondsde Jeugkafees	13	12	12	12	12	12	12

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.6.1.1 Getal jeugdige wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem	10 000	2 000	3 000	2 000	3 000
5.6.1.2 Getal befondsde Jeugkafees	12	-	-	-	12

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die subprogram sal steeds fokus op die lewering van 'n holistiese en volhoubare benadering tot vaardigheidsoordrag-, opleidings- en persoonlike ontwikkelingsprogramme vir jong mense. Aan die hand van 'n reeks maatskaplike-ontwikkelingsdienste, het hierdie benadering ten doel om jong mense se positieweiteit en gesondheid te verbeter en om hul vooruitsigte op indiensname te verhoog deur te verseker dat hulle goed toegerus is om die oorgang na volwassenheid suksesvol te oorbrug.

Die NJB 2030 sowel as provinsiale en departementele jeugontwikkelingstrategieë bied 'n raamwerk waarbinne jeugkafees sowel as gemeenskapsgebaseerde organisasies as vername bydraers tot die lewering van gespesialiseerde vaardigheidsopleiding dien wat daarop afgestem is om werk te maak van NEET-jeug se behoeftes sowel as jeugdige wat die provinsie as 'n deurgangspunt gebruik. Die jeugontwikkelingsprogram sal fokus op die standaardisering van programme sodat verbeterde maatstawwe daargestel kan word om die gehalte van sy dienste en programme wat in vennootskap met interne programme en vername staatsdepartemente aangebied word, te meet. Dit stem regstreeks ooreen met die temas veiligheid en welstand soos vervat in die Herstelplan wat spesifiek op die jeug fokus.

Die subprogram fokus in hoofsaak daarop om 'n veilige ruimte te bied vir die ontwikkeling van jeugdige, vroue en persone met gestremdhede onderwyl hulle opleiding deurloop. Jeugdige wat die Jeugkafees se naskoolse programme bywoon, sal toegang hê tot aanlyn opleidingsgeleenthede, vaardighede en bevoegdhede in digitale geletterdheid sowel as akademiese ondersteuning wat deur 'n Jeugkafee se personeel aangebied word. In medewerking met befondsde OSW's sal die Jeugkafees geïntegreerde GGG-voorkoming- en -bewusmakingsprogramme aanbied aan die hand van gespesialiseerde opleiding-, mentor- en ondersteuningsinisiatiewe. Hierdie programme sal voorts bydra tot opvoeding oor reproduktiewe gesondheid, die ontwikkeling van onontbeerlike leierskap- en lewensvaardighede en verhoogde bewustheid van die voorkoms van GGG in gemeenskappe. Voorts sal die subprogram steeds aktiwiteite wat daarop afgestem is om jeugdige met gestremdhede deel van die hoofstroom te maak, aanbied sodat hulle hul vaardighede kan ontwikkel en met vertroue alledaagse uitdagings die hoof kan bied.

Subprogram 5.7: Vroue-ontwikkeling

Doel van subprogram

Skep 'n omgewing wat vroue help om konstruktiewe, bevestigende en volhoubare verhoudings te ontwikkel onderwyl hulle tegelyk geleenthede gebied word wat hulle help om hul bevoegdhede uit te bou en die vaardighede te ontwikkel wat nodig is om as vennote by hul eie ontwikkeling en dié van hul gemeenskappe betrokke te raak.

Hierdie intervensies word dwarsliggend binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.8: Bevordering van bevolkingsbeleid

Doel van subprogram

Om die implementering van die bevolkingsbeleid binne alle regeringsfere en die burgerlike samelewing te bevorder by wyse van bevolkingsnavorsing, voorspraak en kapasiteitsbou en deur die implementering van die beleid te monitor en te evalueer.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Demografiese navorsing en profilering word onderneem om die bevolking- en ontwikkelingsituasie te ontleed.	5.8.1.1 Getal bevolkingsnavorsingsprojekte voltooi	1	1	1	1	1	1	1
		5.8.1.2 Aantal projekte ten opsigte van demografiese profiele voltooi	11	6	6	6	6	6	6
	Programme word geïmplementeer om bewustheid van en begrip vir bevolking- en ontwikkelingskwessies te bevorder	5.8.1.3 Getal sessies wat gehou is om die bevolking se kapasiteit te ontwikkel	N.V.T.	6	4	4	4	4	4
		5.8.1.4 Getal populasievoorspraak-, inligting-, opvoeding- en kommunikasie-aktiwiteite word geïmplementeer	N.V.T.	4	4	4	4	4	4

Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.8.1.1 Getal bevolkingsnavorsingsprojekte voltooi	1	-	-	-	1
5.8.1.2 Aantal projekte ten opsigte van demografiese profiele voltooi	6	1	2	1	2
5.8.1.3 Getal sessies wat gehou is om kapasiteit ten opsigte van populasie te ontwikkel	4	-	-	-	4
5.8.1.4 Getal bevolkingsvoorspraak-, inligting-, opvoeding- en kommunikasie-aktiwiteite geïmplementeer	4	-	-	-	4

Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie subprogram sal bydra tot die verbetering van die sistematiese integrasie van bevolkingsveranderlikes by alle beleide, planne, programme en strategieë op alle vlakke binne alle regeringsektore en -instansies.

Daar word in hoofsaak daarop gefokus om te verseker dat betroubare en bygewerkte demografiese en bevolkingsdata sowel as inligting oor die Wes-Kaapse populasie en menslike-ontwikkelingsituasie in die provinsie beskikbaar en toeganklik is vir alle regeringsbeplanners sodat beleidmaking en die ontwerp, implementering, monitering en evaluering van programme hierdeur geïnformeer kan word. Dit stem ooreen met die temas "veiligheid en welstand" soos vervat in die Herstelplan, met spesifieke verwysing na data vir die veiligheidswaakstelsel, veiligheidsintervensies in brandpunte en die kartering van welstandsintervensies.

5.5.1 Program se hulpbronoorwegings

Die daling van R20.894 miljoen of 17.86 persent in die hersiene begroting van R117.020 miljoen in 2022/23 tot R96.126 miljoen in 2023/24 is weens die verlaging in voedselverligtingtoewysings. Die begrotingstoewysing styg daarna tot R93.885 miljoen in 2024/25 en R99.261 miljoen in 2025/26.

Opsomming van betalings en ramings – Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

Subprogram R'000	Uitkomst			Hoof- begroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% Verandering vanaf hersiene raming
	Geouditeer 2019/20	Geouditeer 2020/21	Geouditeer 2021/22				2022/23	2022/23	2022/23	
5.1 Bestuur en ondersteuning	6 770	6 845	6 891	6 732	7 452	7 452	7 208	7 308	7 665	(3.27)
5.3 Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's	2 195	2 595	2 270	2 365	2 951	2 951	2 855	2 895	3 036	(3.25)
5.4 Armoedeverligting en volhoubare bestaansmiddele	34 487	131 005	62 094	60 518	86 459	86 459	65 664	62 484	65 430	(24.05)
5.6 Jeugontwikkeling	22 273	17 554	18 031	17 298	16 928	16 928	17 296	18 056	19 834	2.17
5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid	3 192	3 218	3 923	3 072	3 230	3 230	3 103	3 142	3 296	(3.93)
Totale betalings en ramings	68 917	161 217	93 209	89 985	117 020	117 020	96 126	93 885	99 261	(17.86)

Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomst			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% Verandering vanaf hersiene raming
	Geouditeer 2019/20	Geouditeer 2020/21	Geouditeer 2021/22				2022/23	2022/23	2022/23	
Lopende betalings	18 320	93 431	31 820	20 146	27 151	27 151	28 132	23 558	24 707	3.61
Vergoeding van werknemers	17 266	17 500	18 899	18 961	20 959	20 959	21 869	22 132	23 216	4.34
Goedere en dienste	1 054	75 931	12 921	1 185	6 192	6 192	6 263	1 426	1 491	1.15
Oordragte en subsidies aan	50 597	67 648	61 181	69 839	89 861	89 861	67 994	70 327	74 554	(24.33)
Departementele agentskappe en rekeninge	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Instansies sonder winsbejag	50 597	67 589	60 306	69 839	89 861	89 861	67 994	70 327	74 554	(24.33)
Huishoudings	-	59	875	-	-	-	-	-	-	-
Betalings vir kapitaalbate	-	138	208	-	8	8	-	-	-	-
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	-	138	208	-	8	8	-	-	-	(100)
Sagteware en ander ontasbare bate	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Betalings vir finansiële bate	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Totaal ekonomiese klassifikasie	68 917	161 217	93 209	89 985	117 020	117 020	96 126	93 885	99 261	(17.86)

Die Departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoefte sowel as nasionale en provinsiale prioriteite en provinsiale VIP's soos onder die subprogramme aangetoon.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite vir die duur van die MTUR begelei:

- Implementering van die provinsiale jeugontwikkelingstrategie, assessering van Jeugkafees, en 'n strategie om jeugdige na onderbenutte kafees en gemeenskapsgebaseerde programme te verwys waar geen Jeugkafeedienste beskikbaar is nie; en
- Handhawing van die basislyn vir oordragbetalings aan jeugontwikkeling en volhoubare lewensmiddels.

5.5.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
<p>Kwesbare mense het voedingsondersteuning en werksgeleenthede</p>	<p>Verhoogde honger en voedselonsekerheid onder kwesbare begunstigdes wat veroorsaak word deur die begrensde ekonomiese omgewing en hoë vlakke van werkloosheid.</p> <p>Gebrekkige samewerking van diensverskaffers kan tot gekompromitteerde dienslewering aanleiding gee – gehalte van dienste nie volgens standaard nie wat 'n risiko vir begunstigdes kan inhou.</p> <p>Gebrekkige nakoming van maatreëls vir omgewings- en persoonlike higiëne kan aanleiding gee tot verspreiding van oordraagbare siektes.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Implementeer hibriede modelle vir voedselvoorsiening deur die GVOS'e en die gemeenskapskombuise en versterk vennootskappe in medewerking met ander belanghebbendes (inter- en intraregeringsorganisasies) met die oog op 'n gesamentlike dienslewering- en multifasetbenadering. ● Fasilitering van kapasiteitsbouprogramme sodat organisasies se vermoë om programme te implementeer, ontwikkel word. ● Monitering van alle GVOS'e op 'n gereelde basis ten opsigte van norme en standaarde ten einde misbruik van fondse te verhoed wat dienslewering kan kompromitteer. ● Verskaffing van hulp en ondersteuning aan befondsde organisasies vir die ontwikkeling en implementering van veiligheidsprotokolle en voorkomende maatreëls om die verspreiding van oordraagbare siektes by plekke waar kos verskaf word, te verhoed.
<p>Jeug maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter</p>	<p>Ontoereikende gesprekvoering met NEET-jeug.</p> <p>Beperkte hulpbronne om 'n doeltreffende impak op NEET's te hê</p> <p>Verlaging in begrotingstoewysing vir oordragbefondsing.</p> <p>Impak: Beperkte dienslewering aan die jeug. Toename in maatskaplike euwels. Verhoogde vraag na ander maatskaplike-ontwikkelingsdienste en verhoogde las op provinsiale hulpbronne. Gebrek aan doeltreffende koördinerings tussens provinsiale departemente wat aanleiding gee tot beperkte dienslewering aan die jeug.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ● Evaluering van OSW-dienste aan die hand van die norme en standaarde vir jeugontwikkelingsdienste. ● Lynmonitering van OSW's en programimplementering. ● Verbeter koördinerings en medewerking en ontwikkel 'n nuwe model om koste te bereken. ● Belanghebbenderbetrokkenheid – versterk interregerings- en intraregeringsvennootskappe.

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering	Nienakoming van OSW's weens swak bestuur en ontoereikende bevoegdhe en vermoëns.	<ul style="list-style-type: none"> ● Kapasiteitsbou vir OSW en ondersteuningsdienste word gebied waar nodig. Dit sal die bestuursvermoëns van OSW's en ander geïdentifiseerde burgerlike samelewingsorganisasies versterk. ● Programme implementeer verbetering- en moniteringsplanne wat dienslewering ooreenkomstig die voorskrifte van die onderskeie stukke wetgewing moontlik maak. ● Prestasiebestuur, ontwikkeling van SBP's, bestuur- en diensleweringbeleide en die implementering daarvan.
	Gebrek aan betroubare, bygewerkte demografiese data op laer geografiese vlak wat gebruik word om dienslewering te beplan.	<ul style="list-style-type: none"> ● Lei eie populasieramings af gegrond op StatsSA se halfjaarlikse populasieramings in samewerking met ander regeringsdepartemente soos DvdP en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

6. Openbare entiteite

Nie van toepassing nie.

7. Infrastruktuurprojekte

Geen: Die begroting en bestuur van alle groot infrastruktuurprojekte by departementele fasiliteite en kantooradministrasie berus by die Departement van Infrastruktuur.

Nr.	Projek se naam	Program	Projek se beskrywing	Uitsette	Projek se begindatum	Projek se voltooiingsdatum	Totale beraamde koste	Uitgawe in lopende jaar
	Geen.							

8. Openbare-private-vennootskappe (OPV's)

Nie van toepassing nie.

DEEL D: Beskrywing van Tegniese Aanwysers³¹**Program 1: Administrasie**

Aanwyser nommer	1.2.1.1
Aanwyser se titel	Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe.
Bondige omskrywing	Die aanwyser verwys na die aantal kredietdraende of niekredietdraende leerprogramme wat gedurende die verslagdoeningstydperk deur interne en eksterne diensverskaffers aangebied is vir maatskaplikewerkberoepslui (maatskaplike werkers, kinder-en-jeugsorgwerkers, maatskaplike hulpwerkers, maatskaplikewerktoesighouers en gemeenskapontwikkelingswerkers).
Doel	Om te verseker dat voortgesette professionele ontwikkeling die standaard van praktyk oor alle maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe heen verbeter.
Sleutelbegunstigdes	Maatskaplikewerkberoepslui (maatskaplike werkers, kinder-en-jeugsorgwerkers, maatskaplikewerk-hulpwerkers, maatskaplikewerktoesighouers, maatskaplikewerkbestuurders en gemeenskapontwikkelingswerkers)
Databron	Opleidingsevaluasierverslag ingedien deur diensverskaffers
Databeperkings	Afskrifte van bywoningsregisters wat deur diensverskaffers tesame met hul opleidingsevaluasierverslae ingedien is, is nie volledig nie (bv. nie deur die opleier onderteken nie).
Aannames	<ul style="list-style-type: none"> ● 1% van die VvW-begroting word gebruik. ● Daar sal maatskaplikewerkberoepslui met 'n behoefte aan opleiding wees. ● Geakkrediteerde of geregistreerde diensverskaffers is beskikbaar van wie die Departement dienste kan verkry.
